# HOOFSTUK 1

## NAVORSINGSBEHOEFTE EN ONTWERP

**'n Beskrywing van die navorsingsbehoefte en ontwerp van die studie ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling.**

### 1.1. Inleiding

Die Kerklike tughandeling is vir predikante en gemeentes 'n traumatiese gebeurtenis. Praat maar met dié wat dit deurgemaak het. Lees maar die dagblaaie! Beide partye beleef afsonderlik en gesamentlik, hewige geestelike spanning en emosionele ongerief. Die gevoelens van skuld en skande is aan die orde van die dag.

Potgieter (1992:4) skryf: "Ek kan my beswaarlik 'n groter persoonlike krisis voorstel wanneer iemand glo dat hy deur die Here geroep is om predikant te wees, vir ses jaar lank gaan studeer...en dan nie 'n beroep kry nie. Dit gebeur op die oomblik met proponente – by die twee honderd van hulle." Dieselfde stelling geld vir hierdie studie. 'n Mens kan hom beswaarlik die grootte van die persoonlike krisis voorstel wanneer iemand glo dat hy deur die Here geroep is om predikant te wees, vir ses jaar lank gaan studeer en dan deur die tughandeling van sy ampsbevoedheid gestroop word. Gebeur dit op die oomblik met meer predikante as wat besef word?

'n Enkele oortreding van 'n predikant kan lei tot sy skorsing of afsetting uit die amp. So word 'n loopbaan in die bediening gestuit en 'n gemeente word sonder 'n predikant gelaat. Slegte woorde doen die rondte in die gemeenskap oor predikante en die kerk. Eksplisiete beskrywings van die beweerde oortreding en inkriminerende foto's word deur die media die gemeenskap ingestuur en onberekenbare skade word die betrokkenes aangedoen.

Predikante is nie sondelose mense nie. Dit sal predikante self, gemeentelede, kerkrade en kerkkommissies geredelik erken. Waarom anders sal Die Kerkorde, ook wat predikante betref voorsiening maak vir 'n tughandeling en tugmaatreëls? (Hoofstuk 5, Kerklike opsig

en tug, 2007:24-30). Tog, maak dit nie regtig voorsiening vir die krisis wanneer ‘n predikant “uitgevang” word in sy menslike swakheid nie.

Vir hierdie foutiewe oordeel en misstap van predikante wag die joernaliste en redakteurs van koerante. Hierdie geleentheid word aangegryp om sensasionele voorbladberigte te skryf en die nuus die wêreld in te stuur. Die tafel word gedek vir die diskreditering van die predikant as persoon, die amp van bedienaar, die gemeenskap van gelowiges en die kerkverband in die breë.

Wanneer gerugte soos ‘n veldbrand versprei of ‘n klagstaat op die tafel van die kerkraad beland, veroorsaak dit ‘n krisis en trauma vir die predikant as mens, as ampsdraer, gesinsman, eggenoot en gemeenskapsleier. Die rimpels van die klippie wat in die tugpoel gegooi word, trek wyd en ver en die gevolge daarvan ontsien niks of niemand nie. Die tughandeling is soos ‘n reuse vloedgolf wat alle lewe in sy pad vernietig. Almal kom armer uit die proses.

Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (N.G. Kerk) met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Junie 2007, beskryf die tughandeling volledig. Die tughandeling is nie ‘n eenmalige gebeure nie maar ‘n proses wat aan die gang gesit word met die eerste bekendmaking van die probleem, wanneer ‘n gerug die rondte begin doen of wanneer ‘n klagstaat soos ‘n emmer koue water in die gesigte van die betrokkenes gegooi word. Soms lees die publiek van die probleem in die koerante nog voordat die gemeente daarvan in kennis gestel word.

In gevalle van ernstige oortreding volg stuiting in die amp en daarna die tugverhoor. Spanningsvolle dae wag op die predikant en die gemeente. Selfs die breër gemeenskap kom gewoonlik hiervan te hore en deel in die onsmaaklike gebeure. Die wêreld van die predikant stort in duie en hy word in ‘n emosionele maalkolk vasgevang.

Wanneer ‘n volledige tugverhoor plaasvind en daar wel besluit word om tugmaatreëls toe te pas omdat die predikant skuldig bevind word aan die klag, is die laaste van die trauma lank nog nie verby nie. Nie vir die predikant nie en ook nie vir die gemeente nie. Die predikant verloor sy bediening, sy invloed en gesag as draer van die evangelieboodskap. Hy verloor sy integriteit en waardigheid, asook die respek en agting wat hy voorheen

ontvang het. Soms verloor hy ook sy eggenote, gesin, sy inkomste en sekuriteit en verbeur hy sy toekomsideale.

Die gemeente ervaar die verlies van ‘n geliefde leraar intens en die skok van die gebeure draai soos ‘n stinkende walm oor die gelowiges. Die tughandeling het verder ook massiewe bedienings- en finansiële implikasies. Selfs naburige gemeentes voel die skokgolwe van die tughandeling.

Predikante wat weer wil heraansoek doen om terug te keer tot die bediening bevind hulle in ‘n nuwe krisis. ‘n Nuwe trauma. Wonde word opnuut oopgekrap. Onverwerkte skuld- en skandgevoelens borrel na die oppervlak en veroorsaak erge wroeging. Sommige getugdigdes sal klaarblyklik net nooit weer vir die kerk aanvaarbaar wees nie. Jare sleep verby voordat ander gelukkig genoeg mag wees om tot ‘n colloquium doctum toegelaat te word. Die heel gelukkiges verkry weer ampsbevoegdheid as proponente. Om dan met ‘n colloquium doctum op ‘n Curriculum Vitae aansoek te doen by gemeentes wat vakante poste adverteer, is moeilik.

Die gevoelens waarmee predikante tydens en na hierdie tugaksie moet worstel, veroorsaak groot persoonlike wroeging. Skuld- en skandgevoelens woeker ywerig in die gemoed en depressie en woede kan na jare steeds simptomaties te voorskyn tree. Mediese en sielkundige rekeninge word deel van die uitgawes.

Dit bring natuurlik mee dat ‘n navorser ‘n groot aantal vrae kan stel oor die huidige tughandeling ten opsigte van predikante. Elke artikel van die tughandeling roep as’t ware vir herbesinning en deeglike studie. Soms wil dit lyk asof die prys van die tughandeling dalk te hoog is! Steier die betrokkenes nie onder die las daarvan nie?

Britz (1991:4) het reeds ‘n aantal vrae geformuleer met betrekking tot die tughandeling.

- “Dit is al dadelik ‘n vraag of, wanneer die tug sy verloop neem aan die hand van ‘n stel reëls, bepalinge en reglemente, daarmee nie alreeds die grens na kerklike regspraak oorgesteek is nie?”
- “Moet ons onsself nie afvra of die prosedures met sy stelle bepalinge nie ongemerk (teen ons eie bedoeling in) tussen ons en die Skrif ingeskuif het nie?”

- "Gaan dit hier nie om 'n aanvulling van die Christus-orde of Christus-heerskappy nie?"
- "Is die bediening van Christus en sy versoening nie dalk omgewerk tot 'n kerklike straf- en tuguitoefening nie?"

Hy stel voor dat hierdie en ander vrae ten opsigte van die tughandeling deeglik ondersoek word en dat ons dit sal toets aan die Skrif en Belydenisskrifte. Daar is dus reeds sekere leemtes geïdentifiseer in die huidige verstaan en toepassing van die tughandeling wat verdere ondersoek noodsaaklik maak.

**1.2. <u>Navorsingsbehoefte</u>**

In hierdie studie word soos deur die titel aangedui, gefokus op die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die kerklike tughandeling. Die ondersoek word verder omskryf deur spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande.

Daar is drie hoofvrae.

- **Vraag 1A:** Lewer die tughandeling 'n bydrae tot die gevoelsbelewing van skuld en skande by predikante?
- **Vraag 1B:** Indien predikante tydens die tughandeling gevoelens van skuld en skande beleef, wat is die aard en funksie van die gevoelens?
- **Vraag 1C:** Is daar pastorale begeleiding vir predikante wat tydens die tughandeling moontlike gevoelens van skuld en skande ervaar, en hoe word hulle gehelp om die gevoelens te verwerk?

Die tughandeling het 'n plek en funksie binne die kerk, ook wat predikante betref. Dit is nie te ontken nie. Vorster (1997:163) sê: "Die funksionering van die tug is 'n inherente deel van die aard en funksionering van die kerk. Daarsonder is die kerk nie meer kerk nie."

Du Plooy (1990:149-150) wys daarop dat die uitdrukking "kerklike tug" nie as sodanig in die Bybel voorkom nie. Die gedagte en begrip funksioneer egter wel in Bybelse tekste. Die duidelikste term wat hiervoor in die Bybel gebruik word is παιδεια in Hebreërs 12:5-11.

Die Vulgaat vertaal die begrip met "disciplina". Tug het daarom twee basiese elemente naamlik:

- ‘n opvoedende, sondevoorkomende bediening aan die gehoorsame kinders van God en
- ‘n bestraffende, teregwysende bediening aan sondaars.

Lategan (1992:50) sluit hierby aan deur te sê:

- tug is terapeuties deurdat dit die broer/suster met Christus wil versoen.
- tug is ‘n konstruktiewe poging/optrede om die kwaad teen te gaan.

Hierdie studie bevraagteken dus nie die tughandeling as maatreël in die kerk om met predikante te handel wat hulself skuldig gemaak het aan ‘n sonde en/of oortreding soos deur Die Kerkorde gereël nie. Daar bestaan egter by my geen twyfel dat dit vir al die betrokke partye op ‘n ander wyse, en met groter voordeel gedoen kan word nie. Dáárom hierdie studie. Dat die tughandeling ten opsigte daarvan en op grond van latere vraagstellings onder die vergrootglas geplaas moet word, is eweneens seker.

Om hierdie behoefte, soos deur die tema verwoord, te ondersoek en dit tot ‘n navorsings-ontwerp te ontwikkel, verdien die volgende vrae aandag.

- Vraag 1(a) Wat is die omskrywing van die tughandeling van predikante soos in Die Kerkorde van die N.G. Kerk verwoord?
- Vraag 1(b) Watter bydrae lewer die literatuur tot die verstaan van die tughandeling van predikante binne die N.G. Kerk met spesifieke verwysing na die pastorale sorg in die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande?
- Vraag 1(c) Wat is die omvang van die tughandeling van predikante in die N.G. Kerk?
- Vraag 1(d) Wat is die aard van die prosesse of verloop van die tughandeling van predikante in die N.G. Kerk?

Die antwoorde op bogenoemde vrae word in hierdie hoofstuk beskryf. Dit ontsluit dan die volledige behoeftebepaling ten opsigte van die navorsingstema.

- Eerstens word ‘n beskrywing gegee van Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele

Besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in 2007, soos wat dit die posisie van predikante en alle ander evangeliedienaars ten opsigte van die studietema aangaan. Die volgende hoofstukke en Reglemente is van toepassing op die tughandeling van predikante. Die eerste vyf hoofstukke word dan verken soos dit ook verder uitgebou of ondersteun word deur die drie Reglemente wat van toepassing is.

- In die tweede plek word die literatuurverkenning ten opsigte van die onderwerp beskryf. Bronne wat toegang verleen tot die onderwerp van die tughandeling met spesifieke verwysing na N.G. Kerk predikante is ter sprake. Pastorale versorging van predikante tydens die tughandeling was die verdere fokus van die aanvanklike literatuurondersoek, en die verwerking van die gevoelens van skuld en skande het die ondersoek begrens.
- In die derde plek word die omvang van die behoefte beskryf. Beskikbare bronne is ontgin.
    - ✓ Die N.G. Kerk Argief & Bestuursdienste (ABID) se databasisse. ABID (http://www.ngkerk.org.za/abid/default.asp) lewer gerekenariseerde soektogte van fotodokumente, koerantknipsels, verhandelinge, tydskrifte en ander informasie.
    - ✓ Beskikbare inligting ten opsigte van die verlening van ampsbevoegdheid binne die N.G. Kerk te Pretoria gedurende die tydperk 1981-2008. Hierdie data dui die aantal persone (manlike/vroulik) aan wat gedurende bogenoemde tydperk deur die Kuratorium te Pretoria gelegitimeer is. Dit dui ook die hoeveelheid persone aan wat na 'n colloquium doctum toegelaat is as proponente.
    - ✓ Verkennende gesprekke is met verskeie persone gevoer wat deur die tughandeling geraak is. Dit sluit predikante in wat bedank het voordat die tughandeling voltrek kon word, ander wat die tughandeling deurgegaan het en dan ook die wat as lede van 'n Ringskommissie tugverhore moes hanteer. Proponente, predikante, professore en lidmate van gemeentes is in die gesprekke betrek.
- Vierdens word die prosesse of verloop van die tughandeling van predikante volledig beskryf. Hierdie beskrywing beklemtoon die ingewikkelde en lang proses van die tughandeling en die moontlike effek op die belewing van skuld- en

skandgevoelens. Die uiteensetting van die prosesse van die tughandeling open ook die weg na 'n latere beskrywing van die pastorale taak van die kerk.

### 1.2.1. Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in 2007

Dit is noodsaaklik om die belangrikste begrippe wat in hierdie studie benut word vanuit kerklike bronne te omskryf sodat die navorser en die leser dieselfde betekenis daaraan heg. Die tersaaklike begrippe word vanuit Die Kerkorde (2007) gedefinieer.

Om die tughandeling van predikante van die N.G.Kerk te verstaan, is dit nodig om die breër agtergrond te beskryf. Die tughandeling is 'n proses wat binne die kerk plaasvind, verskeie kerklike liggame betrek en met sekere voorveronderstellings werk.

- Eerstens is die tughandeling gegrond en geanker in die belydenis en orde van die kerk. Hoofstuk 1: Die belydenis en orde van die kerk (Artikel 1 en 2).
- Tweedens is die ampte van die kerk ter sprake, met besondere klem op die funksionering van die amp van die bedienaar van die Woord. Hoofstuk 2: Die ampte van die kerk (Artikel 3-17).
- Derdens vind die tughandeling plaas deur die funksionering van verskeie kerklike liggame en hierdie taak is in die Kerkorde beskryf. Hoofstuk 3: Die vergaderinge van die kerk (Artikel 18-47).
- Vierdens word die tughandeling en die betrokkenheid van die geloofsgemeenskap verder ook deur Die Kerkorde gereël deur die arbeid van die kerk te beskryf. Hoofstuk 4: Die arbeid van die kerk (Artikel 48-58).
- In die vyfde plek word die tughandeling kerkordelik omskryf soos wat dit binne die bogenoemde breë raamwerk en konteks deur die tugartikels gereël word. Hoofstuk 5. Kerklike opsig en tug. (Artikel 59-66).

Om die tughandeling van predikante binne hierdie konteks te verstaan, en seker te wees dat alle artikels noukeurig toegepas word, is daar ook 'n aantal reglemente wat hierop inspeel.

- In die eerste plek is daar die Reglement vir die Reëling vir die Bevoegdheid van Predikante en Proponente, aangesien die tughandeling direk impakteer op die

bedieningsbevoegdheid van predikante en proponente. Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente (Die Kerkorde,2007:39-44).

- Tweedens die Reglement vir die Reëling vir die Opleiding en Legitimasie van Evangeliedienaars, omdat die Eksamenkommissie en Kuratorium direk betrokke is by die aanvanklike toelating en hertoelating van predikante wat hulle ampsbevoegdheid vanweë die tughandeling verloor het. Reglement vir die Reëling van die Opleiding en Legitimasie van Evangeliedienaars (Die Kerkorde,2007:87-96).
- Derdens die Reglement vir die Algemene Taakspan Regte, want hierdie taakspan is direk betrokke by sekere take en aksies soos van toepassing op die tughandeling van predikante. Reglement vir die Algemene Taakspan Regte (Die Kerkorde,2007:103-110).

**1.2.1.1. <u>Hoofstuk 1: Die belydenis en orde van die kerk</u>**

Dit is belangrik om die grondslag van die N.G. Kerk se belydenis en orde te verstaan. Die kerk se werksaamhede ook wat die tughandeling betref, rus volledig op die belydenis en orde. Dit word verwoord in Die Kerkorde (2007:1).

<u>Artikel 1</u>

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

<u>Artikel 2</u>

2.1 Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die Kerk met die oog op die volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Belydenis.

2.2 Hierdie bepalinge handel oor die ampte in die Kerk, die vergaderinge van die Kerk, die werksaamhede van die Kerk, regering en tug van die Kerk en die betrekkinge van die Kerk

na buite.

2.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk reël sy eie interne orde op grond van sy onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as Kerk van Jesus Christus en ook op grond van sy reg tot vryheid van godsdiens.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die tughandeling as gehoorsaamheidsgestalte van die Kerk se roeping dat alles ordelik in die gemeente sal toegaan, word gegrond op die Woord en die Belydenisskrifte en die Kerk se onvervreembare roeping om haarself intern te orden.

**1.2.1.2. <u>Hoofstuk 2: Die ampte van die kerk</u>**

Ten opsigte van die ampte van die N.G. Kerk is die volgende van toepassing op die studietema (Die Kerkorde,2007:1-11).

**Algemene bepalinge**

<u>Artikel 3</u>

3.1 Dienswerk is deelname aan die werk wat God die Vader in Christus deur sy Gees in die wêreld doen om Sy koninkryk te vestig.

3.2 Elke lidmaat is deur God tot diens in die gemeente en wêreld geroep.

3.3 Lidmate kan afgesonder word om op 'n besondere wyse in een of meer van die gemeente se bedieninge diensbaar te wees.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Tydens die tughandeling kan ook gereken word dat dit eintlik God is wat primêr betrokke is en bemoeienis maak met die betrokkenes,
- maar Hy doen dit deur Christus en die Heilige Gees wat
- eweneens gelowiges roep en toerus om die noodlydendes by te staan.

<u>Artikel 4</u>

Niemand mag in die kerk van Christus in een van die besondere ampte dien sonder dat hy/sy

- op wettige wyse beroep (of verkies) is,
- die nodige approbasie verkry het, en
- bevestig is nie.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die amptelike bevoegdheid om as predikant in die kerk te kan dien, het bepaalde voorskrifte en vereistes. Wanneer hieraan voldoen word, word toegang tot die kerklike bediening gereël. Die tughandeling impakteer direk op die amptelike bevoegdheid wanneer, stuiting, skorsing en die ontneming van amptelike bevoegdheid as deel van die tughandeling toegepas word.

**Die bedienaars van die Woord**

<u>Artikel 5</u>

5.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:

5.1.1 ’n geskiktheid vir die amp;

5.1.2 ’n deeglike teologiese opleiding; en

5.1.3 die ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.

5.2 Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied.

5.3 Die sorg vir, asook die beheer en toesig oor die opleiding van evangeliedienaars word deur ’n Kuratorium behartig.

5.3.2 Die Kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van teologiese studente. Hierdie verantwoordelikhede kan namens die Kuratorium deur (’n) kommissie(s) van die Kuratorium behartig word.

5.5 Die Kuratorium benoem ’n Eksamenkommissie wat bestaan uit soveel lede as wat hy nodig ag uit bevoegde persone voorgelê aan die Kuratorium deur die onderskeie Sinodes en wat nie noodwendig lede van die Kuratorium hoef te wees nie.

Die Eksamenkommissie het as opdragte:

5.5.1 Die keuring en aanbeveling by die Kuratorium van kandidate ná voltooiing van hul Teologiese studies.

5.5.2 Die afneem van *colloquium doctum*.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die vereistes vir toelating tot die predikantsbediening is veelvuldig en vind plaas onder die toesig, leiding en keuring van verskillende kerklike rade en vergaderings. Die Algemene Sinode, Kuratoria en Eksamenkommissie is verantwoordelik vir die teologiese vorming, keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating van alle kandidate. Alle persone wat toerekeningsvatbaar is vir die tughandeling deurloop hierdie aanvanklike opleidings- en vormingsproses. Die afneem van ‘n colloquium doctum is een van die take van die Eksamenkommissie. Dit impakteer direk op die laaste proses van die tughandeling.

<u>Artikel 6</u>

Die verlening van ampsbevoegdheid as bedienaar van die Woord in al sy gestaltes (KO Art. 9) of die wegneem daarvan geskied deur die Algemene Taakspan Regte namens die Algemene Sinode.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die Algemene Taakspan Regte het die finale besluitnemingsbevoegdheid oor die aanvanklike toekenning van ampsbevoegdheid en oor die wegneem daarvan na byvoorbeeld die tughandeling. Net so is dit weer hulle verantwoordelikheid om met die opheffing van die tugmaatreëls en die suksesvolle voltooiing van ‘n colloquium doctum, ampsbevoegdheid aan ‘n persoon toe te ken.

<u>Artikel 7</u>

7.1 ’n Bedienaar van die Woord vir ’n plaaslike gemeente word deur die Kerkraad van die gemeente met goedkeuring van die gemeente en die Ring, beroep.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Persone wat deur die tughandeling geraak is, kan beswaarlik hoop dat ‘n gemeente ‘n predikant met ‘n negatiewe geskiedenis sal oorweeg. Die gemeente behou die reg voor om die keuse uit te oefen tydens beroeping.

Artikel 8

8.1 Die bevestiging van ’n gemeenteleraar geskied nadat:

8.1.1 die Ring (of sy gevolmagtigde Kommissie) skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is.

8.1.2 ’n Akte van demissie uit die vorige werkkring of in die geval van evangeliedienaars wat in ’n nie-kerklike betrekking gestaan het, ook ’n getuigskrif van eervolle ontslag en ’n attestaat uit die vorige gemeente aan die Ring of sy gevolmagtigde Kommissie voorgelê en by die beroepende Kerkraad ingedien is.

8.1.3 In die geval van proponente:

8.1.3.1 moet die akte van legitimasie getoon word;

8.1.3.2 moet ’n attestaat by die beroepende Kerkraad ingelewer word; en

8.1.3.3 geskied die bevestiging met oplegging van hande waarna predikantsbevoegdheid verkry word.

8.3 Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke Kerkvergadering in wie se diens die leraar/proponent is om onverwyld kennis aan die ATR te gee van enige verandering wat mag intree ten opsigte van standplaas en/of bevoegdheid.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Dit is vir die predikant wat die tughandeling beleef het nie moontlik om ‘n akte van demissie, ‘n getuigskrif van eervolle ontslag of ‘n attestaat in te dien wat tot sy voordeel kan strek nie. Die tughandeling ontneem ‘n predikant van sy goeie naam en reputasie.

Artikel 9

9.1 Die fokus van die amp van die predikant is die bediening van die Woord (in al sy gestaltes) en van die sakramente, sowel as die toerusting van gelowiges vir die deelname van die kerk aan die werk van God in sy wêreld.

9.2 Die predikant is geroep om die Woord van God te bestudeer, onderrig daarin te gee en dit oral te verkondig; om die sakramente te bedien en om saam met en vir die gemeente te bid en 'n navolger van Christus te wees op so 'n manier dat ander hom / haar kan navolg.

9.3 Die amp van die predikant funksioneer binne ’n gemeente of as deel van dienswerk van die kerkverband in die wêreld.

9.4 In gemeentes aanvaar die predikant veral verantwoordelikheid vir die prediking en die bediening van die sakramente. Die predikant is, saam met die ander ampte, verantwoordelik vir:

- die diens van die gebede,
- onderrig en toerusting,
- opbou van die gemeente,
- die gemeente se dienswerk in die wêreld,
- leiding en organisering van die gemeente,
- uitoefening van Christelike liefde en tug,
- pastorale versorging

Kerkrade onderskei, saam met die predikant, oor die wyse waarop dié roeping en verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in 'n diensooreenkoms.

9.5 Die predikant neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die bediening van 'n predikant word geraak met die aanvang van die eerste deel van die prosesse van die tughandeling. Die bediening kom tot 'n skielike halt. Die fokus van die amp, naamlik die bediening van die Woord word direk geraak.
- Die predikant wat die navolgingswaardige voorbeeld moet stel, stel teleur.
- Die predikant is verantwoordelik vir die totale geestelike welsyn van die gemeente. Met die ingreep van die tughandeling kan die gemeente vir maande sonder 'n leraar wees, die impak hiervan is byna onberekenbaar. Skade, verlies en ongelukkigheid kan 'n gemeente onherroeplik knou.
- Die predikant vorm deel van die Broederkring (Ringspredikante) wat gesamentlike take en verantwordelikhede onderneem. Tydens die tughandeling word hierdie Broederkring die onbenydenswaardige taak gegee om 'n medebroeder aan te kla, kerkregtelik te ondersoek en tugmaatreëls toe te pas. Dit plaas bomenslike spanning op al die betrokke predikante. Verhoudings kan hierdeur baie nadelig beïnvloed word.
- Die Ringspredikante kan beswaarlik die taak van die tughandeling en boonop die taak van pastorale begeleiding in een kommissie of persoon versoen.

<u>Artikel 10</u>

’n Bedienaar van die Woord mag geen ampspligte (Artikel 9) uitoefen binne die grense van ’n ander gemeente sonder die toestemming van daardie Kerkraad nie.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Tydens die tughandeling kan dit die voortgang van die geestelike bediening van ‘n gemeente ernstig skaad indien ‘n ander Ringspredikant om verstaanbare redes nie te betrokke wil raak in die gemeente waar die tughandeling voltrek word nie. Die sensitiwiteit van gemeentegrense wat eerbiedig moet word en werksterreine wat beskerm moet word, is veel meer werklik as wat vermoed word.

<u>Artikel 12</u>

12.1 Predikante word vir die uitvoering van hulle amp of bediening deur ’n Kerkvergadering (Kerkraad, Ring, Sinode, Algemene Sinode) beroep en in diens gestel.

12.2 ’n Predikant is, as geroepene van die Here deur Sy kerk, aan die Here én aan die betrokke Kerkvergadering verantwoording verskuldig.

12.3 Die Kerkvergadering gee aan die predikante die respek en ondersteuning wat hulle as geroepenes van die Here en sy kerk in staat kan stel om hulle amp en bediening effektief uit te voer.

12.4 Indiensneming en diensbeëindiging geskied deur die betrokke Kerkvergadering soos bepaal deur Die Kerkorde en ander geldende besluite.

12.5 Slegs persone wat die nodige ampsbevoegdheid het (vergelyk KO Artikel 6) kan in ’n gemeente of in die kerkverband as predikant dien.

12.6 ’n Predikant se dienste word met onmiddellike effek beëindig by verlies van ampsbevoegdheid ingevolge die Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente.

12.7 Die betrokke Kerkvergadering, soos bepaal deur Die Kerkorde en ander geldende besluite, kan die dienste van ’n predikant in die volgende gevalle beëindig:

12.7.1 op grond van wangedrag (vergelyk Die Kerkord*e*, Hoofstuk 5);

12b2.4 Voorsiening

In gevalle van diensbeëindiging geld die volgende reëling met betrekking tot billike voorsiening:

12b2.4.1 Diensbeëindiging weens wangedrag.

12b2.4.1.1 Die uitbetaling van alle uitstaande verlof ingevolge die bepalings van die Reglement vir die Verlof van Predikante en Sinodale Amptenare (Regl. 19).

12b2.4.1.2 In gevalle van summiere ontslag word behuisingsvoordele vir 30 dae na die ontslag voorsien.

12b2.4.1.3 In gevalle van ontslag op ’n datum soos besluit deur die Kerkraad word lewensonderhoud, toelaes en behuisingsvoordele voorsien soos ooreengekom tot op dié datum.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die bevoegdheid van predikante is die verantwoordelikheid van verskeie kerklike rade. Die tughandeling raak dus die hele kerk in al sy vlakke van funksionering.
- ‘n Predikant se verantwoordelikheid teenoor die Here en die gemeente/kerk vereis dat hy tydens die tughandeling die volle omvang van sy wangedrag sal opneem en nie daarvoor sal wegskram nie.
- Gemeentelede vind dit dalk baie makliker om onder normale bedieningsomstandighede, respek en ondersteuning te verleen aan die predikant en sy gesin. Dit word baie moeiliker wanneer die predikant willens en wetens sy goeie naam en navolgingswaardige voorbeeld opgemors het deur ondeurdagte keuses en optredes. Die tughandeling maak dit moeilik om vir die predikant en sy gesin respek en ondersteuning te bewys. Hy is immers aan die verkeerde kant van die kerkordelik reg.
- Onmiddellike diensbeëindiging vanweë die ontneming van ampsbevoegdheid laat die predikant en sy gesin in ‘n bestaanskrisis en ‘n oorlewingsnood. Die barmhartigheidsorg van die gemeente/kerk uit wie se diens die predikant ontslag gekry het, sal ‘n baie groot verantwoordelikheid op hulle skouers neem.

<u>Artikel 13</u>

Die gemeente, kerkverband of instansie in wie se diens ’n bedienaar van die Woord staan, moet omsien na sy/haar geestelike, emosionele en fisiese behoeftes en beroepsontwikkeling en is verantwoordelik vir sy/haar lewensonderhoud (of in geval van deeltydse bediening vir die kontraktuele deel van die lewensonderhoud en toelaes).

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die gemeente, kerkverband of instansie in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, moet omsien na sy/haar geestelike, emosionele en fisiese behoeftes en beroepsontwikkeling, veral in tye van die traumatiese tughandeling.

Artikel 16

16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike leiding, bestuur en toesig, en omvat:

16.1.3 die doen van huisbesoek;

16.1.4 die uitoefening van opsig en tug;

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die ouderlinge amp behoort soos verwoord in Die Kerkorde, tydens die tughandeling baie sterk te funksioneer. Al sou hulle slegs getrou wees in die doen van huisbesoek by die betrokkenes op ‘n gereelde en intensiewe basis, met die doel om geestelike leiding te verskaf, sou dit ‘n groot verskil maak tydens die tughandeling.

Artikel 17

17.1 Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk. Dit begin in die erediens, en gaan vandaar uit na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef. Die diakenamp omvat:

17.1.2 die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens benodig;

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Dit is eweneens waar van die Diakonie, dat die nakoming van blote eerste vlak barmhartigheidsorg ‘n werklike verskil sal kan maak tydens die tughandeling.

**1.2.1.3. <u>Hoofstuk 3: Die vergaderinge van die kerk</u>**

Die tughandeling kan alleen verstaan word indien die volgende inligting vanuit Hoofstuk 3 verdiskonteer word (Die Kerkorde,2007:11-20).

**Algemene bepalinge**

<u>Artikel 18</u>

Daar is vier kerkvergaderinge: Kerkraad, Ring, Sinode en Algemene Sinode.

<u>Artikel 19</u>

Die opsig oor, die regering van en die tug in die kerk word aan hierdie vergaderinge toevertrou.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die verantwoordelikheid van hierdie vier vergaderinge kan nie genoegsaam beklemtoon word wanneer die tughandeling van predikante ter sake is nie. Alle lede van elke vergadering behoort te onthou dat dit die roeping, beroep, die persoonlike lewe van die predikant en sy gesin is wat ter tafel kom. ‘n Mens sal ‘n uiters sensitiewe aanpak van die lede van hierdie vergadering veronderstel.

<u>Artikel 21</u>

Die kerkvergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die tughandeling behoort dus die aard en karakter van die kerk, belig deur die Woord van God te vertoon.

<u>Artikel 23</u>

23.1 Die besluite van vergaderinge of hulle gevolmagtigde kommissies is bindend, maar daaroor kan in appèl na ’n meerdere vergadering of die meerdere vergadering se gevolmagtigde kommissie gegaan word.

23.2 Lidmate, ampsdraers en amptenare van die Nederduitse Gereformeerde Kerk mag hulle nie tot die burgerlike hof wend in hulle beswaar teen ’n kerkvergadering se besluit(e) nie, voordat hulle nie éérs die kerklike middele tot hulle beskikking aangewend en uitgeput het nie.

**Die Ring**

Artikel 29

As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word naburige gemeentes onderling gegroepeer tot Ringe.

Artikel 30

30.1 Die Ring word saamgestel uit die leraar(s) en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die Kerkraad van elke gemeente binne die Ringsgebied.

Artikel 31

Tot die werksaamhede van die Ring behoort:

31.1 kerkvisitasie;

31.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat Kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;

31.3 advies en hulp aan Kerkrade;

31.5 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf in beroep voor die Ringsvergadering gebring word;

31.6 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die Ring soos telkens deur die Ring bepaal;

31.7 die opsig en tug oor alle ouderlinge, diakens en predikante, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die Kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (sien Artikel 62.2).

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die Ring speel 'n groot rol in die tughandeling van predikante. Ringspredikante se insette tydens die tughandeling en hul bydrae tot die prosesse speel 'n beduidende rol in die wyse waarop die tughandeling uiteindelik deur die predikant ervaar sal word.

### 1.2.1.4 Hoofstuk 4: Die arbeid van die kerk

'n Bestudering van Hoofstuk 4 van die Kerkorde (2007:20-24) is verder ook noodsaaklik

om as agtergrond te dien vir die tema van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk.

**Die Herderlike sorg**

Artikel 51

Die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens moet deur die behartiging van getroue huisbesoek die herderlike sorg uitstrek tot alle lidmate van die gemeente, in besonder behoeftiges, siekes en oues van dae. Hulle moet besoek, bemoedig, vertroos en ondersteun word. Voorts moet lidmate voortdurend gewaarsku word teen valse leringe en dwalinge, teen wêreldsgesindheid en goddelose lewenspraktyke.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die herderlike sorg behoort ook uitgebrei te word na die predikant wat die tughandeling deurmaak met besoeke, bemoediging, vertroosting en ondersteuning. Indien waarskuwing deel van die sorg behels, behoort ook dit 'n plek te vind in die tughandeling.

**Gemeentebediening**

Artikel 52

52.1 Die Kerk rig hom deur middel van gemeentebediening tot die lidmate ten einde die gemeente op te bou tot vervulling van sy dienswerk.

52.3 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die tughandeling is is soos die Engelse spreekwoord sê: "part and parcel", van die kerk se lewe. Wanneer die tughandeling dus plaasvind, behoort die gemeente ook hiervoor voorberei te word en deur die loop van die gebeure ondersteun te word. Hiertoe het die Ring en wyer kerkverband 'n onvervreembare verantwoordelikheid en roeping.

Artikel 54

54.1 Die Kerk moet met priesterlike bewoënheid omsien na die armes en ander sorgbehoewendes deur hulle te help, te troos en geestelik op te hef.

54.2 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, onderneem die gemeentes in kerkverband barmhartigheidsbediening.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die predikant wat sonder inkomste gelaat word, die pastorie moet ontruim en 'n ander heenkome moet vind, is saam met sy gesin uiters behoeftig. Die gemeente en kerk in breër verband kan nie hierdie krisis verontagsaam nie.

**Die Dienswerk van die gelowiges**

Artikel 55

55.1 Dit is noodsaaklik dat die lidmate van die gemeente geaktiveer word om werksaam te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God.

55.2 Hierdie dienswerk van die gelowiges kan ongeorganiseerd en spontaan geskied, maar behoort ook ter wille van die groter krag en doeltreffender funksionering daarvan kerklik georganiseer te word. Sodanige organisasie moet egter altyd geskied met toepaslike verantwoording aan die Kerkraad, Ring en Sinode.

55.3 Die Kerk het die onvervreembare reg om sy eie lidmate vir bepaalde werksaamhede te organiseer deur die Kerkraad, Ring óf Sinode óf te laat organiseer deur organisasies wat van die Kerk daartoe opdrag gekry het.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die dienswerk van die gemeente is ten tye van die tughandeling uiters noodsaaklik. Dit kan op ongeorganiseerde en spontane wyse geskied, of deur 'n georganiseerde aksie onder leiding van die Kerkraad of breër kerklike verband. Lidmate het 'n verantwoordelikheid tot basiese onderlinge sorg teenoor die predikant, sy gesin en al die ander betrokkenes.

### 1.2.1.5. Hoofstuk 5: Kerklike opsig en tug

Die Kerklike opsig en tug word afsonderlik bespreek en daar sal hier slegs verwys word na die kennis wat nodig is, wat hierdie orde reëlings betref, om die tughandeling van predikante te kan begryp. Artikel 59-66 word onder die tughandeling as 'n drieledige proses breedvoerig beskryf.

### 1.2.1.6. Gevolgtrekking

Die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk word gereël deur Die Kerkorde van die N.G. Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite soos vasgestel deur die Sinode in 2007. Die artikels wat die tughandeling beskryf, staan egter nie los van ander reglemente, riglyne en besluite soos wat deur die kerk aanvaar is nie. Artikel 59-66 kan dus alleen binne die verband van die ander artikels, reglemente, bepalings en besluite wat betrekking het op predikante, vertolk en verstaan word.

Hierdie saaklike oorsig en verwysig na Die Kerkorde (2007), dien dus die doel om aan te toon dat sekere kerklike liggame van die geloofsgemeenskap in die N.G. Kerk getaak is om direk betrokke te wees by die

- opleiding en toelating van predikante tot die bediening
- bestuur van diensverhoudings tussen predikante en die Kerkraad/gemeente
- toepassing van die kerklike tug en die tugmaatreëls
- die arbeidstaak van die kerk waaronder die herderlike sorg, gemeentebediening en die dienswerk van die gelowiges.

Hierdie sake kom almal onder die loep gedurende die ondersoek na die kerk se betrokkenheid by predikante tydens die tughandeling, en die pastorale begeleiding wat aan predikante verskuldig is ook wat betref hulle belewing en verwerking van sekere emosies. Die gevolgtrekkings wat gemaak is deur die loop van die bespreking, sal later in Hoofstuk 5 benut word wanneer die empiriese ondersoek en die teoretiese modelle met mekaar in verband gebring word.

### 1.2.2. Literatuurverkenning met verwysing na "Hoofstuk 5: Kerklike Opsig en Tug (Artikel 59-66) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk"

Die ondersoek na bestaande literatuur het duidelik getoon dat daar 'n groot leemte bestaan ten opsigte van wetenskaplike besinning oor dié onderwerp naamlik die tughandeling teen predikante van die N.G. Kerk en die pastorale begeleiding van die gevoelsbelewing van skuld en skande. As tweede faset van die behoeftebepaling is gevind dat die werk van Suid-Afrikaanse skrywers oor die tughandeling, gerig is op of die kerkregtelike aspekte daarvan, of op tug soos van toepassing op lidmate. Die volgende word as voorbeelde genoem.

- Smuts (1962) het 'n kort handleiding saamgestel vir Kommissies en Kerkrade met betrekking tot die toepassing van die tug.
- Sadler (1979) se studie wys op vele leemtes wat bestaan in die toepassing van die tughandeling en bespreek kerkregtelike aspekte daarvan.
- Visser (1982) het 'n kerkregtelike en kubernetiese studie oor die tug van ampsdraers afgehandel.
- Ondersoeke en publikasies deur navorsers binne die familie van Gereformeerde Kerke het geen vrugte afgewerp ten opsigte van die navorsingstema nie. F.A.H. van Staden het vanuit die Afrikaanse Protestantse Kerk 'n Beknopte Handleiding vir Kerklike Tug (1996) saamgestel. Dit is egter slegs 'n prosedure handleiding wat groot ooreenstemming toon met die Kerkorde van die N.G. Kerk.
- Tydskrifartikels met moontlike raakpunte is gesoek, maar geen bronne kon gevind word wat die studietema verder ondersoek nie.
- Verder is ook die Handelinge van die Algemene Sinode en die werksaamhede van die toepaslike kommissies sonder sukses nagelees.
- Die amptelike kerkblad, Die Kerkbode is ook geraadpleeg, maar geen materiaal is gevind nie.
- Wanneer Barnard (1994:10-22) probleemvelde van ampsdraers wat pastorale sorg noodsaak beskryf, word daar nie een keer verwys na die krisis van die tughandeling in die lewe van predikante nie.
- Die proefskrif van Cooke (2007) lewer waardevolle insig in die pastorale versorging van predikante deur die benutting van die pastor pastorum. Daar is egter net verwysing na die tughandeling en die verskillende persone betrokke.

#### 1.2.2.1. Gevolgtrekking

Alles dui daarop dat die tughandeling van predikante met spesifieke verwysing na die pastorale begeleiding en die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande, nie in die literatuur wat oor die wel en weë van die N.G. Kerk handel, aandag geniet het nie. Die veld is braak en vereis dat nuwe insigte ten opsigte van die onderwerp die bestaande leemtes sal aanspreek. Deurgaans was dit opmerklik dat die tema van die emosionele aspekte van die belewing van die tughandeling nie in artikels van teologiese publikasies aandag geniet nie.

Hieruit word die volgende gevogtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is. 'n Leemte bestaan in die huidige teoretiese besinning wat betref die pastorale begeleiding en emosionele verwerking van skuld en skande wat predikante van die N.G. Kerk tydens die tughandeling ondervind. Hierdie studie onderneem om ook die pastorale begeleiding van predikante te ondersoek en moontlike leemtes deur wetenskaplike studie te beskryf.

### 1.2.3. Omvang van die behoefte van die tughandeling

Die derde aspek wat ondersoek word om die behoefte van die navorsingstema te bepaal, is 'n bespreking van die omvang van die tughandeling van predikante binne die N.G.Kerk. Dit is geen geringe taak, om enigsins 'n aanduiding te kry, van die omvang van die tughandeling teen predikante binne die N.G. Kerk nie. Vanweë verskeie remmende faktore is die inligting moeilik bekombaar. Die volgende probleme duik op.

- Die kerk het geen sentrale datastelsel wat inligting oor die tughandeling bevat nie.
- Sommige predikante "omseil" tugverhore deur bedanking. Die werklike statistiek word daardeur beïnvloed.
- Sommige Ringe pas in ooreenkoms met die predikant, Artikel 12.7.3 (Die Kerkorde, 2007:7) toe, om sodoende die onaangename taak en gevolge van die tughandeling te omseil.
- Kerkliggame soos Kerkrade en Ringe is nie altyd daarop gesteld om dokumentasie na die argief te versend vir veilige bewaring nie. Die dokumentasie is nie beskikbaar vir ondersoek nie.

- Daar is geen datastelsel wat alle aansoeke van persone wat onsuksesvol by hul plaaslike Kerkraad en Ring aansoek gedoen het om die proses vir herstel van ampsbevoegdheid weer te gee nie.
- Die drie Kuratoria het slegs inligting wat verband hou met aansoeke vir die aflê van 'n colloquium doctum. Persone wat 'n colloquium doctum aflê, is nie noodwendig deur die tughandeling geraak nie of het die tug omseil soos voorheen genoem.

Die omvang van die tughandeling van predikante kan slegs gedeeltelik gevind word deur die raadpleging van die volgende bronne.

- Die Register vir legitimasie van die Kuratoria van die N.G. Kerk. Daar is drie sentra vir die werksaamhede, naamlik Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch. Hierdie bron identifiseer alle persone wat vir die eerste keer of na 'n colloquium doctum gelegitimeer is. Predikante wat die hele proses van die tughandeling deurloop het, sal onder hierdie gelegitimeerdes wees.
- Beriggewing in die Kerkbode. "Die skriba van die Algemene Taakspan Regte gee in die amptelike blad van die N.G. Kerk kennis van elke persoon wat ophou om predikant of proponent te wees." (Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente. Die Kerkorde 2007:59). Soos gemeld, kan hierdie gevalle soms 'n bedanking wees maar eintlik sou dit 'n tugverhoor wees indien die predikant nie die weg van bedanking gekies het nie.
- Persoonlike gesprekke met predikante en ander persone wat op een of ander wyse betrokke was by die tughandeling (indien hulle besonderhede beskikbaar /kenbaar is).
- Kerklike kommissies soos Kerkrade, Ringe, Moderature en Sinodale Kommissies kan inligting besit, maar dit is nie geredelik beskikbaar nie (Die Kerkorde, 2007:43,45).
- Nuusberigte in sekulêre dagblaaie berig meestal oor "sensasionele sondes" van predikante en vergestalt daarom slegs 'n klein deel van die ware statistiek.
- ATABID. Die N.G. Kerk Argief & Bestuursinligtingsdienste.
- Die Jaarboek van die N.G. Kerk lys alle predikante wat die bediening verlaat het, maar spesifiseer nie die redes vir diensverlating nie.

Alle in aggenome, is die werklike omvang van die tughandeling ietwat onseker omdat inligting moeilik bekombaar en ontoeganklik is. Dit het wel met die voorlopige gesprekke en later met die onderhoude geblyk dat die omvang van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk meer omvangryk is as wat algemeen bekend is.

**1.2.3.1. <u>Verlening van ampsbevoegdheid binne die N.G. Kerk te Pretoria vir die tydperk (1981-2008).</u>**

‘n Vergelykende studie is gedoen om die omvang van die tughandeling enigsins te verken. Die aantal persone wat deur die Kuratorium te Pretoria gelegitimeer is, is ondersoek. Die register wat onderteken word tydens legitimasie is bestudeer en daarna is met dr. P.R. du Toit ‘n gesprek gevoer. Dr. Du Toit is Predikant vir Teologiese Opleiding by die Kuratorium te Pretoria.

Hierdie register bevat die volgende inligting.

- Alle persone wat vir die eerste keer te Pretoria in die N.G. Kerk gelegitimeer is, gedurende die tydperk 1981-2008, na voltooiing van die voorgeskrewe akademiese studies en nakoming van sekere vereistes.
- Dit sluit ook diegene in wat ‘n colloquium doctum afgelê en weer deur die Algemene Taakspan Regte toegelaat is tot die bediening.

Die keuse om die statistiek van die Kuratorium te Pretoria te ondersoek, is tweeledig.

- Eerstens is dit die Kuratorium wat aan die Universiteit van Pretoria verbind is deur die teologiese studie wat studente daar onderneem en waarvan hierdie studie in Praktiese Teologie ook deel is.
- Tweedens was dit om koste en toeganklikheidsredes moontlik om die register persoonlik te ondersoek.

Die probleem is natuurlik dat hierdie syfers nie onderskei tussen persone wat na die toepassing van die tughandeling weer in die herstelproses opgeneem is en die wat om ander redes weer ampsbevoegdheid verkry nie. Die gegewens is verder ook net vir die Kuratorium van Pretoria en sluit die ander twee sentra naamlik Bloemfontein en Stellenbosch uit. Nietemin is dit wel ‘n aanduiding van hoeveel predikante by die een

Kuratorium hertoegelaat is tot die bediening. Hierdie getal wat na colloquium doctum toegelaat is, moet die volgende insluit:

- persone wat die lang proses van die tughandeling deurgemaak en weer toegelaat is tot die bediening.
- persone wat die tughandeling omseil het deur bedanking en dan later weer toelating gevra en verkry het.

Dit sal dan enigsins 'n aanduiding wees van die omvang van die behoefte. Die register wat ondersoek is, het gegewens vir die tydperk 1981-2008 aangedui en word hier verder ontleed.

Tabel 1 vergelyk die volgende gegewens.


- Manlik teenoor vroulike persone gelegitimeer na die suksesvolle afhandeling van teologiese studies en die nakoming van ander vereistes.
- Manlik teenoor vroulike persone gelegitimeer na 'n colloquium doctum.

**Tabel 1.**


**Aantal persone gelegitimeer in die N.G. Kerk te Pretoria gedurende die tydperk 1981-2008.**

| Jaartal | Groep 1 Manlike persone gelegitimeer na afhandeling van teologiese studies en ander vereistes | Groep 2 Vroulike persone gelegitimeer na afhandeling van teologiese studies en ander vereistes | Groep 3 Manlike persone gelegitimeer na colloquium doctum | Groep 4 Vroulike persone gelegitimeer na colloquium doctum | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| 1981 | 90 | 0 | 0 | 0 | 90 |
| 1982 | 94 | 0 | 0 | 0 | 94 |
| 1983 | 48 | 0 | 0 | 0 | 48 |
| 1984 | 69 | 0 | 0 | 0 | 69 |
| 1985 | 49 | 0 | 0 | 0 | 49 |
| 1986 | 50 | 0 | 2 | 0 | 52 |
| 1987 | 34 | 0 | 3 | 0 | 37 |
| 1988 | 87 | 0 | 1 | 0 | 88 |
| 1989 | 43 | 0 | 3 | 0 | 46 |
| 1990 | 54 | 4 | 3 | 0 | 61 |
| 1991 | 56 | 7 | 16 | 0 | 79 |
| 1992 | 45 | 2 | 2 | 0 | 49 |
| 1993 | 28 | 3 | 4 | 0 | 35 |
| 1994 | 27 | 2 | 3 | 0 | 32 |
| 1995 | 22 | 3 | 3 | 0 | 28 |
| 1996 | 38 | 4 | 6 | 0 | 48 |
| 1997 | 14 | 8 | 2 | 0 | 24 |
| 1998 | 21 | 2 | 1 | 0 | 24 |
| 1999 | 8 | 0 | 4 | 0 | 12 |
| 2000 | 12 | 4 | 2 | 0 | 18 |
| 2001 | 13 | 2 | 2 | 2 | 19 |
| 2002 | 12 | 1 | 3 | 0 | 16 |
| 2003 | 9 | 1 | 4 | 0 | 14 |
| 2004 | 5 | 1 | 1 | 1 | 8 |
| 2005 | 11 | 6 | 2 | 1 | 20 |
| 2006 | 5 | 4 | 2 | 0 | 11 |
| 2007 | 12 | 3 | 6 | 0 | 21 |
| 2008 | 7 | 8 | 6 | 2 | 23 |
| Totaal | 963 | 65 | 81 | 6 | 1115 |


**<u>Grafiek 1.</u> Grafiese voorstelling van gegewens van Groep 1 en 2 (manlike teenoor vroulike gelegitimeerdes) soos in Tabel 1 opgeneem.**




**<u>Grafiek 2</u>. Grafiese voorstelling van gegewens van Groep 3 en 4 (manlike teenoor vroulike gelegitimeerdes na colloquium doctum) soos in Tabel 1 opgeneem.**



**Grafiek 3.**
**Vergelykende voorstelling van die verhouding van Groep 1,2,3 en 4**




Hierdie ondersoek na persone wat te Pretoria binne die N.G. Kerk ampsbevoegdheid verkry het, het dus die volgende gegewens opgelewer.

- Altesaam 1115 persone is gedurende die tydperk 1981-2008 (27 jaar) by die Kuratorium te Pretoria gelegitimeer.
- 1028 mans en vroue is na afhandeling van hul teologiese studies en die nakoming van ander vereistes vir die eerste keer gelegitimeer. Dit verteenwoordig 92,2% van al die gelegitimeerdes in hierdie tyd.
- 87 persone is na die suksesvolle aflegging van 'n colloquium doctum gelegitimeer. Dit verteenwoordig 7,8% van al die gelegitimeerdes.
- Gedurende die tydperk (1990-2008) is 'n totaal 471 mans en 71 vroue gelegitimeer. Daarvan was 72 mans en 6 vroue na colloquium doctum gelegitimeer. Dit verteenwoordig onderskeidelik 15,3% van die mans en 8,5% van die vroue wat gelegitimeer is.
- In die verhouding manlike gelegitimeerdes is 8,4% na colloquium doctum toegelaat tot die bediening.

- In die verhouding vroulike gelegitimeerdes is 7,4% na colloquium doctum toegelaat tot die bediening.

Wanneer hierdie gegewens bestudeer word, is dit nodig om die volgende in gedagte te hou.

- Volgens die register is geen persone gelegitimeer na 'n colloquium doctum vir die tydperk 1981-1985 nie. Dit is hoogs onwaarskynlik dat daar geen gevalle van dié aard was nie en moontlik is dit net nie afsonderlik aangetoon nie.
- Vroue het vanaf 1990 toelating tot die bediening verkry en daarom reflekteer dit vanaf dié datum op die tabel.
- Die jaartal 1991 toon 'n buitengewone hoë getal manlike toelatings na colloquium doctum. Die rede hiervoor kan gevind word in die Algemene Sinode se besluit vir die goedkeuring van die Tentmakerbediening.
- In gesprek met dr. P.R. du Toit (2009) is bevestig dat geen een van die vroulike gelegitimeerdes as gevolg van 'n tughandeling aansoek gedoen het om die aflê van 'n colloquium doctum nie.
- Dit is duidelik dat daar vanaf 1991 – 2008 'n afname in die getal manlike gelegitimeerdes by die Kuratorium van Pretoria was. Vir vroulike gelegitimeerdes was daar nooit meer as 'n enkelsyfer vir die tydperk 1990 – 2008 nie.
- Teenoor die eerste groep manlike gelegitimeerdes wat 'n afname toon oor die jare, toon die wat na colloquium doctum gelegitimeer is, vanaf 2002 verhoudingsgewys 'n toename oor dieselfde tydperk. Dit is weliswaar ook 'n wesenlike toename naamlik van 40 tot 85,7%. Vergelyk tabel 2 op die volgende bladsy.

**Tabel 2**
**Manlike persone gelegitimeer te Pretoria gedurende 1981-2008.**

| Jaartal | Groep 1 Manlik persone gelegitimeer na teologiese studies en nakoming van verdure vereistes | Groep 2 Manlike persone gelegitimeer na colloquium doctum | Verhouding van gelegitimeerdes na colloquium doctum (Groep 3) teenoor Groep 1 |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 1981 | 90 | 0 | 0% |
| 1982 | 94 | 0 | 0% |
| 1983 | 48 | 0 | 0% |
| 1984 | 69 | 0 | 0% |
| 1985 | 49 | 0 | 0% |
| 1986 | 50 | 2 | 4% |
| 1987 | 34 | 3 | 8,8% |
| 1988 | 87 | 1 | 4,6% |
| 1989 | 43 | 3 | 7% |
| 1919 | 54 | 3 | 5,6% |
| 1991 | 56 | 16 | 28,6% |
| 1992 | 45 | 2 | 4,4% |
| 1993 | 28 | 4 | 14,3% |
| 1994 | 27 | 3 | 11,1% |
| 1995 | 22 | 3 | 13,6% |
| 1996 | 38 | 6 | 15,8% |
| 1997 | 14 | 2 | 14,3% |
| 1998 | 21 | 1 | 4,8% |
| 1999 | 8 | 4 | 50% |
| 2000 | 12 | 2 | 16,7% |
| 2001 | 13 | 2 | 15,4% |
| 2002 | 12 | 3 | 25% |
| 2003 | 9 | 4 | 44,4% |
| 2004 | 5 | 1 | 20% |
| 2005 | 11 | 2 | 18,2% |
| 2006 | 5 | 2 | 40% |
| 2007 | 12 | 6 | 50% |
| 2008 | 7 | 6 | 85,7% |
| Totaal | 963 | 81 | - |

### 1.2.3.2. <u>Gevolgtrekking</u>

Die gevolgtrekking is dus dat daar 'n beduidende aantal persone na afhandeling van 'n colloquium doctum toegelaat is tot die bediening binne die N.G. Kerk te Pretoria in die tydperk 1981-2008. Hierdie syfer sal ook deur die toelatings te Bloemfontein en

Stellenbosch vergroot word. Daarmee kom ek tot die slotsom dat die tughandeling 'n beduidende aantal predikante raak, en dat dit dringend nodig geword het om dié saak verder te ondersoek.

### 1.2.4. Die kerklike tughandeling as proses (Artikel 59-66)

Die vierde aspek ter bespreking van die behoeftebepaling van die studietema kom nou ter sprake. Sadler (1979:2) wys daarop dat daar nie van die tughandeling in die enkelvoud gepraat kan word nie. Hy skryf dat die tughandeling uit 'n reeks handelinge bestaan wat oor 'n tydperk van jare kan strek. Elkeen van hierdie handelinge kan ook weer in verskillende kleiner stappe verdeel word. Die tughandeling is dus 'n reeks samehangende gebeurtenisse. In hierdie studie word gebruik gemaak van die begrip "proses", om die reeks van groter en kleiner handelinge te beskryf. Dit dui ook op die ontwikkelingsgang en verloop van die tughandeling.

Om hierdie meervoudige proses van die kerklike tughandeling te skematiseer, is 'n drieledige indeling gemaak. Dit bied geleentheid om die impak van die tughandeling dieper te verken, veral soos dit in die kleiner prosesse en stappe moontlik direk verband hou met die gevoelsbelewing by predikante ten opsigte van skuld en skande. Die aard van die kerklike pastoraat tydens hierdie prosesse kan ook so deeglik verken word.

Wanneer die leser hierdie uiters ingewikkelde proses beter verstaan, sal dit 'n verstaansraamwerk skep vir begrip ten opsigte van die emosionele trauma wat predikante tydens die tughandeling kan beleef. Dit sal ook nuwe perspektiewe open op die taak van die kerk ten opsigte van die pastorale begeleiding aangesien dit komplekse en inter-dissiplinêre pastorale aksies veronderstel.

Die drie onderskeibare maar verbandhoudende prosesse word breedvoerig in Artkel 63-66 van Die Kerkorde (2007:25-30) beskryf.

- Die eerste proses begin met die aanmelding van 'n klag, gerug of verslag (Artikel 63.2) ten opsigte van 'n predikant. Hierdie aanmelding word voorlopig ondersoek (Artikel 63.3-63.8) en hanteer en lei tot die verwerping daarvan of dit gaan oor in 'n volledige tugondersoek (Artikel 63.8). Die eerste proses eindig met die toepassing van die tugmaatreëls en moontlikheid tot appèl (Artikel 64.5 en 65).

- Die tweede proses begin met die opheffing al dan nie van die toegepasde tugmaatreëls. Die spesifieke tugmaatreëls wat aanvanklik toegepas is, sal die afloop van die proses bepaal. Daar is uitgebreide bepalings hieroor in Artikel 66.4 en die verantwoordelike vergaderings of kommissies tree dienooreenkomstig op.

- Derdens is daar die proses van herstel van ampsbevoegdheid en die moontlike terugkeer tot die bediening binne 'n gemeente. Artikel 66 (p.29-30) reël ook hierdie herstelproses. Die verkryging van ampsbevoegdheid en beroep na 'n gemeente sal die laaste deel van die uitgebreide proses insluit en afsluit.

Dit is belangrik om te besef dat die tughandeling 'n proses is wat op 'n spesifieke tydstip in die amptelike beroepslewe van 'n bedienaar van die Woord plaasvind. Die tughandeling teen 'n predikant kan slegs betrekking hê indien sekere voorafgaande prosesse reeds voltooi en afgehandel is. Hierdie voorafgaande prosesse verseker toerekeningsvatbaarheid vir die toepassing van die tughandeling. Toerekeningsvatbaarheid word bepaal deur die volgende.

- Ten eerste is daar die toelatingsvereistes vir die bediening van die Woord in die N.G. Kerk wat reeds verwoord is. Die Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente (Die Kerkorde 2007:57-62) moet hiermee saamgelees word. Die tughandeling is alleen toepasbaar op persone wat binne die N.G. Kerk ampsbevoegdheid verkry het. Die Kerkorde (2007:57) beskryf die vereistes tot die verkryging van bevoegdheid.
    - ✓ Die innerlike roeping wat 'n persoon van die Here ontvang het.
    - ✓ Die teologiese opleiding wat volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode deurloop is.
    - ✓ Die persoon geskik bevind is om tot die bediening toegelaat te word nadat 'n ondersoek ten opsigte van leer en lewe gedoen is.
    - ✓ Die persoon gelegitimeer en beroepbaar gestel is.
    - ✓ 'n Beroep deur 'n gemeente of kerklike instansie ontvang is.
    - ✓ Die persoon in die amp bevestig is.

Dit beteken in konkrete terme, dat persone na ses jaar van akademiese, teologiese, praktiese vorming en keuring toestemming verkry om binne die kerk beroep te word na die verlening van ampsbevoegdheid. Elke persoon wat graag as predikant binne 'n gemeente

wil dien, moet hierdie pad loop. Nie almal wat ampsbevoegdheid verkry het, kan binne afsienbare tyd ‘n beroep na ‘n gemeente ontvang nie. Baie faktore dra hiertoe by, waaronder

- aanbod en aanvraag en
- die finansiële posisie van gemeentes.

Toelating tot die bediening verloop dus oor baie jare. Wanneer ‘n proponent of predikant dan deur ondeurdagte of doelbewuste optrede, ‘n tugwaardige sonde begaan, is hy toerekeningsvatbaar vir die kerklike tughandeling en die toepassing van die tugmaatreëls. Deur die prosesse van die tughandeling kan hy sy ampsbevoegdheid binne enkele maande verloor (Die Kerkorde, 2007:59). Die proses om herstel van ampsbevoedheid het eweneens ‘n lang verloop (Die Kerkorde, 2007:60-62).

Die tughandeling wat in hierdie studie as ‘n reeks prosesse beskryf word, is nie ten opsigte van al die prosesse op alle getugde predikante van toepassing nie. Iemand wat slegs vir ‘n vasgestelde tyd geskors word, kan na opheffing van die tugmaatreëls weer voortgaan met sy bediening maar ‘n ander persoon wat sy ampsbevoegdheid verloor, sal na vele ander prosesse van die tughandeling weer (dalk nie) kan voortgaan.

Wat hier volg, is ‘n uiteensetting van hierdie proses(se) van die kerklike tughandeling. Daarmee saam ‘n bespreking daarvan, met die doel om lig te werp op die moontlike probleme wat huidiglik ervaar word. Die einddoel is om die studieonderwerp te ontgin.

#### 1.2.4.1. <u>Die eerste proses tydens die tughandeling (Artikels 63-65)</u>

Artikel 59 (Die Kerkorde, 2007:24) bespreek die doel van die tughandeling. Daarmee saam ook die maatstawwe waaraan die tughandeling moet voldoen. Artikel 60 (Die Kerkorde, 2007:24) beskryf die eiesoortige aard van die kerklike tughandeling met Artikel 61 (Die Kerkorde, 2007:25) wat die klem op tugwaardige sondes plaas. Artikel 62 (Die Kerkorde, 2007:25) lys al die persone wat toerekeningsvatbaar is vir die tughandeling.

Hierna volg die eerste proses tydens die tughandeling en die beskrywing daarvan kan in Artikel 63-65 (p.25-29) van Die Kerkorde (2007:25-29) gevind word. Vergelyk die

skematiese uiteensetting op bladsy 59. Hierdie eerste proses kan verder verdeel word in kleiner prosesse. Alles het egter een gemeenskaplike doel naamlik dat al die betrokkenes sal weet of die aangeklaagde skuldig of onskuldig is en dat daar dienooreenkomstig opgetree is volgens die bepalings van die Kerkorde.

Die eerste proses is 'n kerkregtelike ondersoek om vas te stel of die predikant skuldig of onskuldig bevind kan word ten opsigte van die formele klag wat uiteindelik geformuleer is. Indien die predikant skuldig bevind word, word daar dan opgetree volgens die bepalings van die Kerkorde wat betref die spesifieke tugmaatreëls soos voorgeskryf. Fourie (1990:6) stel dit duidelik dat dit die enigste taak van die Ringskommissie is: "Die Ring moet slegs twee dinge doen: maak seker of die aangeklaagde skuldig of onskuldig is. Indien skuldig, pas die tugmaatreël toe wat paslik is." Predikante het die reg tot appèl en kan hul beroep op hoër kerklike liggame om die proses se besluite te kondoneer of af te wys.

**Proses 1A** Aanmelding en aanvanklike hantering van 'n klag, gerug of verslag. Artikel 63.2-63.3 is van toepassing (Die Kerkorde,2007:26).

Volgens Die Kerkorde (2007:26) begin die amptelike ondersoek met die aanmelding van 'n klag of nadelige gerug of 'n verslag aan die Kerkraad wat voortvloei uit amptelike werksaamhede wat ter tafel gelê word (Artikel 63.2.1-63.1.3). Voorskrifte vir die aanvanklike hantering van die klag, gerug of verslag is baie duidelik wat ter tafel gelê word en wat voor die Kerkraad moet dien (Die Kerkorde,2007:26;Artikel 63.3). Voorskrifte vir die aanvanklike hantering van die klag, gerug of verslag (Artikel 63.3) is duidelik en realiseer verskillende uitkomste.

Daar moet besluit word of daar moontlike gronde bestaan waarvolgens die klag, gerug of verslag sal dien as aanklag teen die predikant vir enige tugwaardige sonde in leer en lewe. 'n Voorlopige hantering hiervan is te vind in Artikel 63.3.1.2. (Die Kerkorde, 2007:26).

**Proses 1B** Die opskrifstelling en besorging van 'n klag, gerug of verslag. Artikel 63.4-63.5 is van toepassing (Die Kerkorde,2007:26-27).

Tweedens sal die klag, gerug of verslag in 'n formele, amptelike klagstaat volgens Artikel 63.3.1.6 omskep word indien moontlike gronde vir verdere ondersoek gevind is na die

aanvanklike hantering. Na ‘n voorlopige hantering waarin bevind word dat daar nie voldoende substans is wat moet dien tot verdere ondersoek nie, sal daar laastens van die klag, gerug of verslag bloot kennis geneem word. Alle partye sal dan ook sodanig in kennis gestel word. Indien daar besluit word om die klag, gerug of verslag verder te ondersoek, sal ‘n volledige tugondersoek volg met bevindinge wat daaruit voortvloei (Artikel 63.8).

**Proses 1C** Stuiting en ‘n voorlopige ondersoek. Artikel 63.6-63.3 is van toepassing (Die Kerkorde,2007:27).

By beweerde ergerlike wangedrag deur ‘n predikant, mag die ondersoekliggaam die betrokkene in die diens stuit volgens Die Kerkorde (2007:27), soos beskryf in Artikel 63.6.1. Talle vereistes word gestel rondom die uitvoering van hierdie aksie soos in Artikel 63.6.1-63.6.3 in Die Kerkorde (2007:27) beskryf. Die doel daarmee sou die beskerming van die gemeente en/of individu(e) wees wat by die saak betrokke is. Stuiting het betrekking op die verhindering van die predikant om sy werksaamhede voort te sit.

Die ondersoekliggaam het die reg om ‘n voorlopige ondersoek te loods wat vir die tugondersoek feitelike inliging sou kon voorsien. Die vereistes hiervoor word in Die Kerkorde (2007:27) gevind as Artikel 63.6.1-63.6.3.

**Proses 1D** Die tugondersoek. Artikel 63.8.1-63.8.10 is van toepassing (Die Kerkorde,2007:27-28).

Wanneer die ondersoekliggaam ‘n tugverhoor reël, is dit om die betrokke partye, klaer(s) en aangeklaagde(s), geleentheid te gee om hulle saak te stel (Artikel 63.8.3). Die Kerkorde (2007:27-28) laat geen onduidelikheid oor die verloop en vereistes van hierdie ondersoek nie. Ten afloop van die ondersoek word die bevinding en besluite tot tugmaatreëls skriftelik en met opgaaf van redes aan die betrokkenes voorgehou (Artikel 63.8.9).

**Proses 1E** Tugmaatreëls. Artikel 64.5.1-64.5.4.3 is van toepassing (Die Kerkorde,2007:29).

Teen ‘n predikant wat skuldig bevind word, sal daar dan volgens die voorskrifte vir die

toepassing van die tugmaatreëls (Artikel 64.5) opgetree word. Die verskillende tugmaatreëls word weereens deur Die Kerkorde (2007:29) gereël. Die volgende maatreëls kan met skuldigbevinding toegepas word.

- Artikel 64.5.1: ’n Bestraffing in ’n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam.
- Artikel 64.5.2 Skorsing vir ’n vasgestelde tydperk met een of meer van die volgende maatreëls.
- Artikel 64.5.2.1: Opskorting van lidmaatsregte.
- Artikel 64.5.2.2: Onthouding van die sakramente.
- Artikel 64.5.2.3: Gedeeltelike of volle weerhouding van lewensonderhoud en toelaes.
- Artikel 64.5.3: Indien die ondersoekliggaam nie oortuig is van die egtheid van die berou nie, kan hierdie skorsing verleng word.
- Artikel 64.5.4: Ontslag met een of meer van die maatreëls: opskorting van lidmaatsregte en/of onthouding van die sakramente.
- Ontslag kan wees - Artikel 64.5.4.1: Ontslag uit die diens van die gemeente of uit die diens van die kerkverband.
- Artikel 64.5.4.2: Ontslag uit die diens van die gemeente of uit die diens van die kerkverband met die aanbeveling aan die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde kommissie dat die betrokke leraar se ampsbevoegdheid opgeskort word.
- Artikel 64.5.4.3: Ontslag uit die diens van die gemeente of uit die diens van die kerkverband met die aanbeveling dat die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde kommissie die leraar se ampsbevoegdheid beëindig wat die nietigverklaring van die Akte van Legitimasie insluit.

**Proses F** Die reg tot appèl. Artikel 65.1-65.3 (Die Kerkorde,2007:29) is van toepassing.

Die Artikel wat die reg tot appèl beskryf, moet saam met Artikel 23 gelees word (Die Kerkbode, 2007:12-14). Hierna kan die predikant dan sy reg tot appèl (Artikel 65) gebruik om hom na hoër kerklike instansies te wend om die saak weer onder die soeklig te plaas. Die uitspraak van hierdie liggame is finaal.

Met hierdie bespreking is die eerste proses van die tughandeling nou afgehandel.

- Die aanmelding en aanvanklike hantering van die klag is hanteer.
- Die klag,gerug of verslag is as klagstaat gefinaliseer en aan die betrokkenes besorg.
- Indien nodig is die predikant gestuit en 'n voorlopige ondersoek onderneem.
- Die amptelike ondersoek is afgehandel.
- Tugmaatreëls is toegepas.
- Verlof tot appèl is benut indien as gewens beskou.
- Die doel van die proses is bereik naamlik om vas te stel of die aangeklaagde skuldig of onskuldig is betreffende die klag, gerug of verslag en om dienooreenkomstig volgens die bepalings van die Kerkorde op te tree deur die tugmaatreëls toe te pas.


Daar is 'n hele aantal vrae wat oor die eerste proses van die tughandeling gestel kan word.

- Hoe het die tughandeling verloop en wat is die gevolge? Hier word gedink aan die gevolge van hierdie proses vir die predikant as persoon en sy emosionele belewing daarvan, sowel as die impak daarvan op die breë geloofsgemeenskap.
- Is die doel van die tughandeling bereik indien die proses tot 'n slotsom kom rondom die skuld of onskuld van die predikant?
- Het die proses volgens die Kerkordelike bepalings verloop?
- Het die proses volgens Artikel 60.1 (Die Kerkorde, 2007:24) 'n geestelike karakter gedra en het dit gepas by die kerk as 'n geloofs- en 'n liefdesgemeenskap?
- Is die proses op 'n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen?
- Het die eis volgens die Kerkorde (2007:24) se bepalings in Artikel 60.3 dat amptelike, kerklike tug pastoraal-kerkregtelik van aard is en uit 'n Bybelse en geestelike oogpunt billik en regverdig toegepas moet word, tydens hierdie proses gerealiseer?
- Is alles moontlik gedoen om die proses eers deur herderlike sorg, versoeningsaksie of die hantering daarvan as 'n geskil op te los? Hierdie eis word duidelik geformuleer volgens Artikel 60.3.1.3 (Die Kerkorde, 2007:26).
- Het die Ring toegesien dat die gemeentebediening tydens hierdie uitgebreide proses nie skade ly nie? Met ander woorde: is die proses so bestuur dat dit die minimum

geestelike en emosionele ontwrigting veroorsaak en ook wat die bediening betref sinvolle voortgang verseker? (Die Kerkorde, 2007:29).

Die empiriese ondersoek sal die antwoorde op hierdie vrae eis en daarvan verslag lewer.

**Skema 1: Skematiese voorstelling van die eerste proses van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk (Artikel 63-65). Die ondersoek na tugwaardige sondes en wangedrag en die toepassing van tugmaatreëls.**



### 1.2.4.2. Die tweede proses tydens die tughandeling (Artikel 66)

Die tweede groot proses tydens die tughandeling word vervolgens in Die Kerkorde (2007:29-30) deur Artikel 66 gereël. Dit bevat al die informasie vir die opheffing van die tugmaatreëls soos toegepas tydens die eerste proses, nadat die predikant tydens die tugondersoek skuldig bevind is. Vergelyk die skema op bladsy 64.

Die oorhoofse doel van hierdie proses sou beskryf kon word as die vasstelling van die nodige positiewe effek wat bereik is, deur die tugmaatreëls soos gerealiseer in die lewe van die predikant. Daar is met ander woorde ‘n vasstelling van die tekens van voldoende berou en inkeer by die getugde tydens die tweede proses. Die opheffing van die tugmaatreëls vind volgens die voorskrifte van Die Kerkorde plaas en bestaan weereens uit ‘n aantal kleiner prosesse. Tydens die tweede proses moet die bepaalde tugmaatreëls wat toegepas is tydens die eerste proses in aggeneem word aangesien dit die tweede proses direk raak.

**Proses 2A** Vasstelling van die egtheid van berou. Artikel 66.4.1 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

Die tweede deel van die prosesse van die tughandeling van predikante binne die N.G. Kerk word begin deur die nakoming van Artikel 66.4.1 (Die Kerkorde, 2007:30). As die Ring of sy gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam oortuig is van die egtheid van berou, word die sensuur en skorsing as tugmaatreëls opgehef met verslag aan die Algemene Taakspan Regte.

Die opheffing van die tugmaatreëls begin deurdat ‘n ondersoekliggaam wat volgens Die Kerkorde bepaal word homself moet vergewis van die berou en inkeer van die getugde. Die proses het soos die eerste proses ook verskillende moontlike uitkomste. Die doel bly egter om die egtheid van inkeer en berou vas te stel en om die predikant weer beskikbaar te stel vir die bediening.

**Proses 2B** Opskorting van tydelike sensuur en skorsing en hertoelating tot die bediening. Artikel 66.4.1 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

In die tweede plek kan die sensuur en/of skorsing opgehef word en met verslag aan die

Algemene Regskommissie kan die predikant met sy werksaamhede voortgaan. In hierdie geval het die tugmaatreël net tydelike opskorting van die predikant se ampsbevoegdheid beteken. Na die opheffing van die maatreël is dit herstel.

**Proses 2C** Herhaling van die vorige prosesse. Artikel 66.4.1 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

Hierdie proses is ‘n moontlike proses, en ontstaan wanneer die Ring of gevolmagtigde kommissie nie oortuig is dat die toepassing van die tugmaatreëls suksesvol was nie. Hier kan die tweede proses tot ‘n doodloopstraat lei indien die ondersoekliggaam sou bevind dat die predikant nie voldoende bewys kan lewer van berou en inkeer ten opsigte van die aanvanklike openbare sonde waarvoor hy getug is nie. Verdere tugmaatreëls kan gevolg en toegepas word en die proses word weereens herhaal. Uit die aard van die saak is die bedoeling nie om hierdie sikliese gang tot ad infinitum te herhaal nie. Die verbreking van die negatiewe spiraal word beoog. Daarom stel Die Kerkorde dit duidelik dat ter wille van die bediening in die gemeente, die skorsing nie onbepaald moet voortduur nie. Ringe moet toesien dat die gemeentebediening nie skade ly nie (Die Kerkorde, 2007,29).

**Proses 2D** Herstel van ampsbevoegdheid na toepassing van ontslag as tugmaatreël. Artikel 66.4.2-66.4.3 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

By ontslag volgens Artikel 64.5.4.2 moet die Ring of sy gevolmagtigde kommissie, as ondersoekliggaam, die sensuur ophef voor die Algemene Taakspan Regte die ampsbevoegdheid kan herstel. Volgens Artikel 66.4.3 kan herstel in diens van die gemeente alleen deur ’n beroep geskied of na ’n suksesvolle appèl teen die ontslag-tugmaatreëls genoem in Artikel 64.5.4.1 - 64.5.4.3. In hierdie geval het die predikant sy bevoegdheid verloor om in ‘n gemeente te werk omdat hy uit diens ontslaan is, waar hy voorheen in die gemeente gewerk het. Sy ampsbevoegdheid was egter net tydelik opgeskort. Na die kommissie bevind het dat die predikant voldoende deur die tugmaatreël hervorm is, kan sy ampsbevoegdheid herstel word en kan hy weer aansoek doen om onder andere as gemeentepredikant te kan werk. Hy moet egter weer beroep word.

**Proses 2E** Herstel van ampsbevoegdheid na colloquium doctum. Artikel 66.4.4 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

Dit is die taak van die Ring of ondersoekliggaam om 'n predikant wat alle ampsbevoegdheid verloor het se leer en lewe te ondersoek en om 'n aanbeveling te maak tot moontlike herstel daarvan. Die Ring lewer volledige verslag aan die Ringsvergadering wat besluit oor die aanbeveling om hertoelating. Hierna word die persoon se saak na die Sinode verwys (of die Sinodale Kommissie), en word daar na goedkeuring 'n toestemming tot die aflê van 'n akademiese eksamen verkry. Indien die kandidaat die colloquium doctum slaag, word die Algemene Taakspan Regte getaak om die legitimasie te voltrek, waarna ampsbevoegdheid weer aan die persoon verleen word. Hierdie persoon kan dan weer beroep word na 'n gemeente aangesien sy ampsbevoegdheid herstel is.

Met hierdie bespreking is die tweede proses van die tughandeling nou afgehandel.


- Die proses wil die positiewe effek van die toepassing van die tugmaatreëls (proses 1) bevestig.
- Verder beoog dit om die voortgang van die ampsbediening te verseker deur die hantering van die proses van die opheffing van tydelike sensuur, skorsing, ontslag en die verlies van ampsbevoegdheid.
- Proses 1 en 2 kan herhaal indien die eerste proses nie na wense verloop nie en die uitkomste onsuksesvol bereik is.
- Die doel van die tweede proses is met die voltooiing daarvan bereik naamlik om die uitkoms van proses 1 te evalueer en om die nodige regstellende aksies te neem vir die suksesvolle voorgang van die bediening van die Woord.

Sekere vrae kan na aanleiding van die tweede proses gevra word.

- Watter bewyse kan 'n predikant aanbied om te toon dat hy waarlik berou het oor die sonde of wangedrag waarvoor hy getug is?
- Het die Ring of gevolmagtigde kommissie enige objektiewe standaarde of meetinstrument om te bepaal of die berou en inkeer opreg en eerlik bedoel word?
- Was daar enige kerklike betrokkenheid of begeleiding vir die predikant om te verseker dat die uitkomste van berou en inkeer bereik sal word?
- Raak predikante nie soms moedeloos met die uitgerekte proses sodat hulle maar uiteindelik hul bedanking indien nie, of deur die kerk gevra word om ander moontlikhede te ondersoek nie?

- Watter begeleiding is daar vir die predikant wanneer sy ampsbevoegdheid na tydelike opskorting herstel is, om suksesvol binne die gemeente voort te gaan met sy bediening?
- Wat is die volle impak wat die verlies van die bevoegdheid tot die bediening van die Woord op die predikant uitoefen?
- Kan die kerk nie ander weë vind om predikante se ampsbevoegdheid te beskerm sodat die proses van die colloquium doctum tot die minimum beperk kan word nie?

**<u>Skema 2:</u> Skematiese voorstelling van die tweede proses van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk (Artikel 66). Die opheffing van die tugmaatreëls en die terugkeer tot die gemeente of kerklike bediening.**



### 1.2.4.3. Die derde proses tydens die tughandeling (Artikel 66)

Na die eerste en tweede begin daar dan ‘n derde en laaste proses wat ook in Artikel 66 beskryf word (Die Kerkorde, 2007:30) Soos by die ander twee prosesse is daar ook tydens die derde proses ander kleiner prosesse aanwesig. Vergelyk die skema op bladsy 68.

Die oorkoepelende doel vir hierdie proses word beskryf as herstel van ampsbevoegdheid en terugkeer tot diens in ‘n/die gemeente. Weereens is dit belangrik om te onthou dat die tipe tugmaatreël wat in die eerste proses toegepas is en in die tweede proses opgehef is, hier in die derde proses die voortgang sal bepaal.

**Proses 3A** Herstel in diens van die gemeente. Artikel 66.4.3 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

Herstel in diens van die gemeente kan alleen deur ‘n beroep geskied of na ’n suksesvolle appèl teen die ontslag-tugmaatreëls genoem in Artikel 64.5.4.1 - 64.5.4.3. So sal die predikant wat suksesvol appèlleer teen toegepaste tugmaatreëls dadelik in sy amp herstel word en kan hy voortgaan met sy bediening binne die gemeente.

**Proses 3B** Herstel in diens van ‘n gemeente. Artikel 66.4.3 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

Indien ‘n predikant ontslaan is en tydelik of permanent van sy ampsbevoegdheid gestroop is, kan hy na die herstelproses soos beskryf in die tweede proses hierbo, slegs tot diens van byvoorbeeld ‘n gemeente toetree nadat hy deur die gemeente beroep is (Artikel 66.4.3). Wanneer sy ampsbevoegdheid permanent ontneem is, kan hy alleen weer deur die moeisame pad soos in Proses 2E beskryf is, toetree tot die bediening.

Met hierdie bespreking is die derde proses van die tughandeling nou afgehandel.

- ‘n Predikant word herstel tot sy vorige posisie naamlik om sy bediening voort te sit binne ‘n gemeente of breë kerklike verband na beroeping of afhandeling van suksesvolle appèl.

- Die volledige, drieledige proses van die tughandeling word deurloop om weer tot die bediening toegelaat te word. Die eis van ‘n beroep wat ontvang moet word vir hertoetrede tot gemeentewerk, word hiervoor gestel.
- Die doel van die derde proses is bereik naamlik om binne ‘n gemeente die taak as bedienaar van die Woord te verrig na die toepassing van die tughandeling.

Vrae wat ter sprake kom na die bespreking van die derde proses is die volgende.

- Die weg van appèl voeg nog tyd by die proses van die tughandeling. Dit open ook die moontlik persepsie dat die predikant nie inskiklik is met die verloop van die proses nie. Dit alles dra by tot die vergroting van die aanvanklike trauma. Hoe kan hierdie uiters stresvolle en verhoudingsnadelige situasie deur die predikant en die kerk hanteer word sodat die doel van die tug werklik behoue bly?
- Hoe kan die kerk, die geloofsgemeenskap en die predikant self ook, die weg na transformasie bewandel wat die verwerking en herstel van die tughandeling se gevolge betref?
- Hoe kan Kerkrade hulle vooroordeel besweer wanneer ‘n aansoek van ‘n voorheen getugde predikant, hulle tafel bereik vir die gemeentepos wat geadverteer word?


Enkele verdere opmerkings oor die derde proses van die tughandeling.

- Daar moet egter baie deeglik rekening gehou word met die krisis van die derde proses. Ek het reeds in die inleiding hiervan melding gemaak. Watter gemeentes is bereid om ‘n predikant met ‘n “negatiewe rekord” te beroep? Inteendeel, daar is ‘n geval waar ‘n gemeente 7 predikante se aansoeke nie eens oorweeg het nie omdat hulle geskeide persone was. Sewe van die elf aansoeke is summier eenkant geplaas omdat die predikante volgens Die Kerkorde (2007:30) skuldig bevind is aan “ergerlike sondes” (Artikel 66.4.5). “In die geval van ontneming van bevoegdheid deur die tughandeling as gevolg van ergerlike sondes soos owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meineed, diefstal of na afsetting as gevolg van leerdwaling, mag toestemming tot legitimasie alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke instansies ontvang is, deur die ASM op aanbeveling van die ATR, verleen word.”

- Die herstel van ampsbevoegdheid hef nie die gevolge van die tughandeling op nie, want die klad op die naam en die bediening van die predikant is blywend. Vergete is die feit dat hulle almal die prys betaal het deur die tugmaatreëls wat toegepas is, en na jare se worsteling en stryd weer ampsbevoegdheid verkry het. Die skandvlek bly. Klaarblyklik vir altyd. Hierdie laaste proses is uiteindelik meer traumaties as die eerste twee prosesse. Uiteindelik kan die persoon weer beroepbaar wees, maar sonder beroep bly.

- Daar kan ten slotte die opmerking gemaak word dat die drieledige proses van die tughandeling ‘n massiewe krisis en trauma vir al die betrokkenes veroorsaak. Met die fokus op die gevoelsbelewing van die predikant in hierdie studie sal die skuld- en skandgevoelens soos deur hulle beleef tydens elke proses in die positiewe en destruktiewe effek bestudeer word. Hopelik sal die teoretiese navorsing en empiriese werk inligting verskaf sodat ‘n beter praktykteorie geformuleer kan word.

**Skema 3: Skematiese voorstelling van die derde proses van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk (Artikel 64,66). Die herstel van ampsbevoegdheid en terugkeer tot die gemeente of kerklike bediening.**




## 1.2.5. Gevolgtrekking

Enkele opmerkings oor die prosesse van die tughandeling soos dit in Die Kerkorde Artikel 64,66 beskryf word en diagrammaties uiteengesit is.

- Dit is sekerlik voor die handliggend dat die wyse waarop hierdie drie prosesse hanteer word 'n verskil kan maak nie alleen in elkeen van die prosesse nie maar in die uiteindelike uitkoms. Die predikant, kommissie, gemeente en ander betrokkenes se hantering van die prosesse kan grootliks bydra tot destruktiewe gevoelsbelewings van skuld en skande.
- Hierdie prosesse verander 'n mens se lewe onherroeplik. Die kerk is verantwoordelik om hierdie prosesse te bestuur sodat die grootste voordeel daarin gevind kan word. Predikante en gemeentes moet saam hierdeur worstel op soek na die eer van God, die heil van die kerk en die behoud van die sondaar.

- Die teologie en praxis wat by elkeen van hierdie kleiner en groter prosesse 'n rol speel, sal uiteindelik die kleiner en groter sukses en effektiwiteit van die tughandeling bepaal. Dit sal daarom vir die kerk nodig wees om elkeen van hierdie prosesse opnuut te verken en die rol te verreken wat elke proses speel.
- Die wyse waarop die menswaardigheid en die gevoelsbelewing van die betrokkenes – veral die predikant – deur die prosesse geraak word, is afhanklik van deursigtige, regverdige, empatiese en Goddelike liefdesoptrede.
- Elkeen van hierdie prosesse moet gefokus bly op die verhewe doel (Artikel 59) van die tughandeling en tot die berou en inkeer van die predikant lei en daarna tot die voortsetting van die bediening.
- Die prosesse behoort deure te wees wat lei tot nuwe insig in die self, geleentheid tot voller oorgawe aan God en beplanning vir 'n heilige lewe in diens aan God en Sy gemeente. Die bediening behoort te kan voortgaan (verstaanbaar dat daar gevalle sal wees waar voortgang nie 'n opsie kan wees nie) deur fasilitering van die genade van God.
- Die voorafgaande bespreking laat reeds baie ruimte vir indringende vrae. Van die antwoorde op hierdie vrae is voor die handliggend. Ander is nie so duidelik nie. Sommige vrae wek groot kommer oor die moontlike antwoorde wat daarop gegee kan word. Ander laat 'n vonk van hoop. Mag die vonk 'n vuur aansteek in die kerk. Die vuur van God se passie, wat sondaars Sy kinders maak.
- Dit is duidelik dat 'n studie van sekere van hierdie probleemgebiede 'n vrugbare navorsingsterrein bied met die verwagting dat dit 'n positiewe bydrae kan lewer tot die huidige toepassing van die kerklike tughandeling.
- Dit kan dalk slegs 'n taakgerigte kerkregtelike aksie word, waartydens die pastoraat agterweë gelaat word.

## 1.3. <u>Navorsingsontwerp</u>

Die navorsingsontwerp wat hieronder beskryf word, het ten doel om een aspek van die huidige komplekse tughandeling te ondersoek naamlik die innerlike gevoelsbelewing van die predikant tydens die tughandeling van die kerk met klem op skuld en skande en die kerk se versorgingstaak van predikante tydens die tughandeling.

Die navorsingsontwerp word vervolgens bespreek deur te verwys

- die doel van die studie
- die sentrale vraagstelling en voortvloeiende vrae
- afbakening van die studie
- en die navorsingsmetodologie.

Om hierdie sake te ondersoek, is die volgende vrae geformuleer.

- Vraag 1(e) Wat is die doelstelling van hierdie studie?
- Vraag 1(f) Wat is die sentrale vraagstelling en voortvloeiende vrae wat aan die studie gestel word?
- Vraag 1(g) Hoe word hierdie studie afgebaken?
- Vraag 1(h) Watter navorsingsmetodologie word gevolg?
- Vraag 1( i) Hoe verloop die navorsingsproses?

### 1.3.1. <u>Doel en doelstelling</u>

Vraag 1(e) is van toepassing. Wat is die doelstelling van hierdie studie? Na aanleiding van 'n deeglike bestudering van die voorafgaande wat betref kerklike dokumente, literatuur, databasisse en gesprekke met predikante kan die navorsingsbehoefte verwoord word in 'n aantal stellings.

- <u>Stelling 1</u>

  Die kerklike tughandeling van predikante vereis deeglike besinning en wetenskaplike studie aangesien die emosionele belewing van predikante na aanleiding van die tughandeling nog nie ondersoek en beskryf is nie.
- <u>Stelling 2</u>

  Die behoefte bestaan om die funksionering van die gevoelsbelewing van skuld en skande by predikante tydens die tughandeling teoreties en empiries te ondersoek indien die kerk tydens hierdie handeling ook pastoraal betrokke wil wees.
- <u>Stelling 3</u>

  Die rol van die kerk in die pastorale begeleiding en herderlike sorg van predikante in die verwerking van die emosies van skuld en skande tydens die tughandeling moet nagevors en beskryf word. Daar is 'n groot behoefte en leemte in die huidige kennis en praktiese toepassing.

Die oogmerk en strewe (HAT,2005:170) van hierdie navorsing word hierna noukeurig beskryf sodat dit fokus en rigting bring aan die behoefte wat ondersoek word. Die doel van hierdie fenomenologiese studie, is om die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die kerklike tughandeling te beskryf, met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande.

Na aanleiding van dié doel is die doelstelling drieledig van aard.

- Doelstelling 1: Om die prosesse van die tughandeling en die gevoelsbelewing van skuld en skande by predikante te ondersoek en te beskryf.
- Doelstelling 2: Om die funksionering van die gevoelsbelewing van skuld en skande by predikante tydens die tughandeling teoreties en empiries te ondersoek en te beskryf.
- Doelstelling 3: Om die rol van die kerk in die pastorale begeleiding van predikante en die verwerking van die emosies van skuld en skande tydens die tughandeling te ondersoek en te beskryf.

### 1.3.2. Vraagstelling

Vraag 1(f) word bespreek. Wat is die sentrale vraagstelling en voortvloeiende vrae wat aan die studie gestel word? Creswell (2007:107) wys op die interverweefdheid van 'n navorsingsbehoefte, doelstelling en navorsingsvrae. Vir hierdie ondersoek word die drie duidelik onderskei maar ook geïntegreer. Na aanleiding van die voorafgaande behoefteverkenning en doelstelling onderneem ek om die sentrale navorsingsvraag en voortvloeiende vrae te ondersoek.

#### 1.3.2.1. Die sentrale navorsingsvraag en voortvloeiende vrae

Die sentrale navorsingsvraag word as volg verwoord. Hoe kan die pastorale taak van die N.G. Kerk beskryf word ten opsigte van die begeleiding van predikante wat die kerklike tughandeling ondergaan, met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande?

Die voortvloeiende vrae ondersoek die sentrale vraag deur dit uit te bou na subtemas vir ondersoek. Hierdie vrae is reeds vroeg in die navorsingsbeskrywing genoem.

- Vraag 1A: Lewer die tughandeling ‘n bydrae tot die gevoelsbelewing van skuld en skande by predikante?
- Vraag 1B: Indien predikante tydens die tughandeling gevoelens van skuld en skande beleef, wat is die aard en funksie daarvan?
- Vraag 1C**:** Hoedanig is die pastorale begeleiding vir predikante wat tydens die tughandeling moontlike gevoelens van skuld en skande ervaar en hoe word hulle gehelp om dit te verwerk?

Elkeen van hierdie voortvloeiende vrae veronderstel weer ‘n aantul subvrae. In die beskrywing van die navorsing sal die spesifieke subvrae verder beskryf en ondersoek word. Wat die teoretiese en empiriese ondersoek betref, sal die volgende vrae ongetwyfeld beantwoord moet word om die doelstelling van die studie suksesvol te bereik.

- Watter deel van die proses van die tughandeling is van toepassing op die predikante wat as respondente aan die ondersoek deelneem?
- Het die persoon gevoelens van skuld en skande ervaar en wat was die intensiteit van die belewing?
- Wat was die fisiese en kognitiewe belewing van die gevoel van skuld?
- In watter mate en met watter middele of ondersteuning het die persoon die skuldemosie verwerk?
- In watter mate het die predikant gevoelens van skande beleef en wat was die intensiteit daarvan?
- Watter verdedigingsmeganismes het die persoon moontlik gebruik om die intensiteit van die skandgevoelens te hanteer?
- In watter mate en met watter middele of ondersteuning het die persoon die skandemosie verwerk?
- Watter teoretiese raamwerk sal help om die begeleiding van die kerk tydens die tughandeling van predikante beter te verstaan?
- Wat is die begronding en funksies van tugpastoraat en hoe ervaar predikante dit?
- Hoe funksioneer die geloofsgemeenskap tydens die tughandeling?
- Het die kerk tydens die tughandeling amptelik die taak van pastorale begeleier vervul?

- Watter vereistes word gestel aan die persone wat die pastorale versorging tydens die tughandeling hanteer?
- Wat kan alles van die predikant verwag word tydens die tughandeling?
- Het die predikant enige professionele persone gekonsulteer tydens en na die tughandeling?
- Dink predikante dat die tughandeling voldoen aan die doel volgens Artikel 59?
- Wat beskou predikante as leemtes in die huidige tughandeling?
- Watter aanbevelings kan predikante voorstel vir die verbetering van die tughandeling?

### 1.3.3. Afbakening van die navorsing

Vraag 1(g) is ter sprake. Hoe word hierdie studie afgebaken? Om die navorsingsbehoefte, doel en doelstellings, sentrale vraagstelling en voortvloeiende vrae wat gestel is, te ondersoek en te beskryf, is dit nodig om die afbakening van die navorsing duidelik af te baken.

- Ten eerste is hierdie navorsing 'n Prakties-Teologiese ondersoek wat binne die Departement Praktiese Teologie van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria uitgevoer word. Praktiese Teologie is 'n dissipline wat op die twee gelyke bene staan, naamlik die teologiese teorie en praktyk. Geen been van hierdie teologiese dissipline behoort daarom voorrang te geniet bo die ander in die aanbieding van hierdie navorsing nie. Teologiese teorie en praktyk beïnvloed mekaar wedersyds en daarom sal albei geïntegreerd in die studie aangewend en aangebied word met 'n kritiese interaksie tussen teorie en praktyk (Heitink 1993). Die teoretiese navorsing is wel eerste gedoen en daarna die empiriese studie.
- Tweedens is die navorsingsfokus op die studie van evangeliedienaars wat deur Artikel 59-66 van Die Kerkorde van die N.G. Kerk geraak word.
- Derdens is die studie gerig op die ondersoek na die belewing van die emosie van skuld en skande tydens die tughandeling.
- Vierdens is die pastorale sorg van die kerk die laaste grensafbakening.

### 1.3.4.Navorsingsmetodologie

Vraag 1(h) is ter bespreking. Watter navorsingsmetodologie word gevolg? ‘n Bepaalde metodologie gaan navorsing vooraf en rig dit ook tydens die ondersoek. Aansluiting word by die navorsingsmetode in die Praktiese Teologie van Heitink (1993:174-230), Pieterse (1993:169-190) en De Wet (2009:227-250), gevind.

Heitink (1993) formuleer drie dimensies of fases waarbinne die Praktiese Teologie, metodologies posisioneer.

- Eerstens word die ondersoek gerig deur die teologiese teorie te formuleer. Vanuit die bestaande literatuur oor die veld van ondersoek of spesifieke probleem word die teorie beskryf.
- Tweedens volg die empiriese ondersoek.
- Derdens word daar vanuit die hermeneutiese interaksie tussen die teologiese teorie en die empiriese ondersoek, ‘n strategiese voorstel of aangepasde model vir ‘n verbeterde praktyk ontwikkel.

Pieterse (1993) sluit by Heitink aan en verwys ook na die drieledige metode binne die Praktiese Teologie. Nel (2001:3) beweer dat Pieterse se werk grootliks daartoe bygedra het om eenstemmigheid te verkry oor die metodologiese benadering in en tot die vakgebied van die Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Metateoreties is die benadering van Pieterse ook in aansluiting by Habermas se teorie van kommunikatiewe handelinge (Vos en Pieterse, 1997:19). God handel met en deur mense. Hierdie handeling is kommunikatief in wese en vorm. Mense word ingeskakel in die werk van God.

De Wet sluit aan by die bogenoemde drie fases (De Wet 2009:238). Volgens hom is die teologiese literatuurondersoek van ‘n studie die eerste deel van ‘n prakties-teologiese studie. Dit loop uit op ‘n teorie waarvan die insigte in logiese orde of skema geplaas word. Tweedens volg die beskrywende fase wat die empiriese ondersoek vergestalt en laastens volg die ontwikkeling van veranderingstrategieë. Dit is ‘n nuwe praktykteorie of verbeterde model. Hiervolgens word die metodologiese oriëntasie van dié studie aldus beskryf as Prakties-teologiese metode van literatuurondersoek en ‘n kwalitatiewe empiriese ondersoek.

Eerstens word twee gelykstaande literatuurstudies onderneem ten opsigte van die probleem wat geïdentifiseer is.

- Die menslike gevoelsbelewing van skuld en skande word breedvoerig ondersoek. Dit lei tot 'n beskrywing van emosieteorie.
- Die pastorale begeleiding van predikante met spesifieke verwysing na die gevoelsbelewing van skuld en skande word vanuit die pastoraat ondersoek en beskryf. Hierdie ondersoek lei tot 'n raamwerk vir die verstaan van die eise van die pastoraat tydens die tughandeling van predikante. Dit lei tot 'n beskrywing van tugpastoraat.

Tweedens sal 'n empiriese ondersoek gedoen word na predikante se gevoelsbelewing van skuld en skande tydens die tughandeling. Met behulp van 'n gestruktureerde onderhoudskedule sal predikante se gevoelsbelewing van skuld en skande na aanleding van die teoretiese bevindings ondersoek word. Die inligting sal verwerk en geïnterpreteer word teen die raamwerk van die teorie.

In die derde plek sal daar tydens hierdie hermeneutiese interaksie 'n verbeterde praktykteorie ontwikkel word, met die doel om predikante pastoraal te ontmoet binne die probleem van die gevoelsbelewing van skuld en skande tydens die tughandeling.

### 1.3.5. Navorsingsproses

Vraag 1( i) word ondersoek. Hoe verloop die navorsingsproses? Met die aanvang van die studie, is die breë onderwerp van die kerklike tughandeling van predikante as studie-onderwerp gekies. Vinnig is besef dat die tughandeling soveel fasette bevat dat fokus dringend noodsaaklik was.

Die voorlopige literatuurondersoeke het bevestig dat daar nog geen navorsing gedoen is oor die emosionele belewing van predikante tydens die tughandeling nie. Skuld en skande as twee kragtige emosies is geïdentifiseer en 'n diepte ondersoek in die bestaande literatuur het gevolg.

Telkemale is die teologiese swye oor die eg menslike probleem van skuld- en

skandgevoelens van predikante tydens die tughandeling opgemerk. Die kerk se onvermoë om predikante pastoraal by te staan, het uit die voorlopige ondersoek en gesprekke met predikante geblyk. Die navorsing sal voldoende teoretiese en empiriese ruimte afstaan vir hierdie onderwerp.

Hierna volg die empiriese ondersoek wat gesprekke met predikante insluit wat deur die tughandeling geraak is. Die analise en sleutelstellings sal hieruit voortvloei. Die navorsing word ten slotte afgerond met 'n verbeterde praktykteorie en aanbevelings.

**1.4. Samestelling van die studie**

Die beskrywing van die navorsing word as volg aangebied.

**HOOFSTUK 1: NAVORSINGSBEHOEFTE EN ONTWERP**

'n Beskrywing van die navorsingsbehoefte en ontwerp van die studie ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling met spesifieke verwysing na die verwerking van skuld en skande. Die navorsingsbehoefte word bespreek deur

- die toepaslike aspekte van Die Kerkorde (2007)
- die bestaande literatuur
- die omvang van die behoefte
- en die kerklike tughandeling as proses te verken.

Die navorsingsontwerp van die studie word verken deur

- die doel en doelstellings van die studie te omlyn
- die sentrale navorsingsvraag en voortvloeiende vrae te stel
- die afbakening van die navorsing te bespreek
- die navorsingsmetodologie wat ek volg voor te hou
- en om die navorsingsproses te beskryf.

**HOOFSTUK 2: EMOSIETEORIE**

'n Literatuurverkenning van gevoelsbelewing met spesifieke verwysing na die aard en funksie van skuld en skande. In hierdie hoofstuk word

- die begippe emosie en gevoelsbelewing verken
- basiese kenmerke van emosies bespreek
- die funksie van emosies ondersoek
- skuld- en skandgevoelens ontleed volgens hul indeling, aard, funksie, ooreenkomste en andersheid
- en verwerkingsmeganismes vir die emosies voorgestel.

## HOOFSTUK 3: TUGPASTORAAT: 'n PASTORALE PERSPEKTIEF

'n Beskrywing van die konteks, teologie en praktyk van tugpastoraat as die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk, tydens die tughandeling met die fokus op die verwerking van skuld- en skandgevoelens. In hierdie hoofstuk word die

- begrensing van tugpastoraat te beskryf
- die begronding van tugpastoraat te verken
- die identifisering van die subjek van tugpastoraat, sowel as die vereistes wat dit meebring te bespreek
- die identifisering van die objek van tugpastoraat en die vereistes wat dit meebring te verken
- die doel en taak van tugpastoraat te verduidelik
- die parameters van tugpastoraat vas te stel
- en die maatstawwe van funksionaliteit, professionaliteit en effektiwiteit te verken soos dit op tugpastoraat van toepassing is.

## HOOFSTUK 4: EMPIRIESE NAVORSING

'n Beskrywing van die navorsingsmetodologie, gestruktureerde onderhoude en analise van die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk, tydens die tughandeling met fokus op die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande. Die hoofstuk het ten doel om

- die navorsingsmetodologie vir die empiriese deel van die ondersoek volledig te beskryf
- die onderhoude en die informasie wat bekom is te kontekstualiseer

- ‘n volledige en gedetaileerde analise van die gestruktureerde onderhoude te voorsien
- verdere inligtig deur die onderhoude bekom, uit te lig
- ‘n tematiese analise van die empiriese navorsingsresultate saam te stel
- die tematiese indrukke en die teoretiese model soos in Hoofstuk 2 en3 bespreek met mekaar te vergelyk.

## HOOFSTUK 5: PRAKTYKTEORIE

‘n Strategiese voorstel vir ‘n verbeterde praktykteorie in die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die tughandeling in die verwerking van skuld en skande word onderneem. Hierdie hoofstuk fokus op die kerk se taak tot ‘n verbeterde begeleiding van predikante tydens die tughandeling, soos wat dit deur die teoretiese en empiriese ondersoek uitgewys is. Die volgende aspekte van begeleiding word bespreek

- doelgerigte begeleiding
- amptelike begeleiding
- funksionele begeleiding
- kerklike begeleiding
- holisitiese begeleiding
- verantwoordbare begeleiding
- prosesmatige begeleiding
- beperkende en verruimende begeleiding.

## HOOFSTUK 6: SAMEVATTING

Bevindings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die tughandeling met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande. Hierdie hoofstuk beoog die volgende

- om tien stellings te formuleer na aanleiding van die studie
- die bevindings van die navorsing in hoofstukverband te bespreek
- die empiriese navorsing te evalueer

- nuwe navorsingsgeleenthede te identifiseer
- ‘n evaluering te maak van die bydrae van hierdie studie
- aanbevelings te maak ten opsigte van die studieuitkomste.

## 1.5. Samevatting

Hierdie hoofstuk is ‘n beskrywing van die navorsingsbehoefte en ontwerp van die studie ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die kerklike tughandeling, met spesifieke verwysing na die verwerking van skuld en skande.

Die navorsingsbehoefte is bespreek deur

- die toepaslike aspekte van Die Kerkorde (2007)
- die bestaande literatuur
- die omvang van die behoefte
- en die kerklike tughandeling as proses te verken.

Bogenoemde sake beklemtoon dat die kerklike tughandeling ‘n massiewe ingreep is in die lewe van ‘n predikant. Die tughandeling word deur Die Kerkorde (2007) gereël en die verloop van die proses(se) is duidelik uitgespel. Hierdie studie vul ‘n leemte binne die bestaande literatuur oor predikante van die N.G. Kerk, aangesien hierdie tema nog nie nagevors is nie. Meer predikante word deur die tughandeling geraak as wat algemeen besef word, omdat die statistiek hieroor nie altyd beskikbaar en toeganklik is nie. Die verkenning van die kerklike tughandeling soos in Die Kerkorde (2007) gevind, dui op die groot verantwoordelikheid wat die kerk in gemeentelike en breër verband het ten opsigte van die predikant wat die tughandeling ondergaan.

Die navorsingsontwerp van die studie is verken deur

- die doel en doelstellings van die studie te omlyn
- die sentrale navorsingsvraag en voortvloeiende vrae te stel
- die afbakening van die navorsing te bespreek
- die navorsingsmetodologie wat ek volg voor te hou
- en om die navorsingsproses te beskryf.

Hierdie studie het ontstaan deurdat die navorser die tughandeling eerstehands beleef het. Vinnig is ontdek dat daar nog baie ander predikante is wat dieselfde ervaring deurgemaak het en nog elke dag deurmaak. Dit het as motivering gedien om oor die spesifieke tema van die pastorale begeleiding van die predikante van die N.G. Kerk wat die tughandeling beleef, navorsing te doen. Twee spesifieke emosies wat moontlik tydens die tughandeling ervaar kan word, naamlik skuld en skande, is as fokus gekies. Dit het tot die sentrale navorsingsvraag gelei wat eweneens as tema van die studie geformuleer is.

Hierdie is ‘n prakties-teologiese studie wat die drieledige navorsingsmetodologie van Heitink (1993:174-230) benut. Die empiriese ondersoek volg op die teoretiese begronding en word ten slotte hermeneuties verken deur die interaksie tussen die teoretiese en empiriese te ondersoek om sodoende te kom tot ‘n strategiese voorstel of aangepasde model vir ‘n verbeterde praktyk. Die navorsingsproses verloop eerstens deur die verkennning van die teoretiese model van emosie en pastoraat en daarna volg in die tweede plek die empiriese ondersoek.

## 1.6. <u>Sleutelstellings</u>

Die sleutelstellings wat aan die einde van hierdie hoofstuk gemaak word, hou verband met die vrae wat vooraf gestel is. Elke vraag en sleutelstelling word beskryf.

Vraag 1(a) Wat is die basiese aspekte van die tughandeling van predikante soos omskryf in Die Kerkorde van die N.G. Kerk?

| **Sleutelstelling 1(a)** |
|---|

Die tughandeling ten opsigte van predikante word duidelik beskryf in die Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in 2008. Hoofstuk 5: Kerklike opsig en tug, Artikel 59-66. Die tughandeling is ‘n kerkregtelike proses om vas te stel of ‘n evangeliedienaar skuldig of onskuldig is aan ‘n klag, gerug of verslag wat aan die Kerkraad bekend raak en tugmaatreëls word daarna dienooreenkomstig toegepas.

Vraag 1(b) Watter bydrae lewer die literatuur tot die verstaan van die tughandeling van predikante met spesifieke verwysing na die pastorale sorg in die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande?

**Sleutelstelling 1(b)**

Die bestaande literatuur lewer geen bydrae tot die verryking van die studieonderwerp nie.

Vraag 1(c) Wat is die omvang van die tughandeling van predikante in die N.G. Kerk?

**Sleutelstelling 1(c)**

Die omvang van die kerklike tughandeling van predikante is nie presies bepaalbaar nie vanweë verskeie remmende faktore. Die vermoede bestaan dat dit meer omvangryk is as wat algemeen vermoed word.

Vraag 1(d) Hoedanig is die prosesse of verloop van die tughandeling van predikante?

**Sleutelstelling 1(d)**

Die tughandeling van predikante is ‘n langdurige proses en kan vir studiedoeleindes in drie kleiner prosesse verdeel word. Die eerste proses behels ‘n ondersoek om vas te stel of die predikant skuldig of onskuldig bevind kan word ten opsigte van die formele klag wat uiteindelik geformuleer is. Indien die predikant skuldig bevind word, word daar met tugmaatreëls opgetree volgens die bepalings van Die Kerkorde. Die tweede proses het die opheffing van die tugmaatreëls ten doel. Die derde proses beskryf die herstel van ampsbevoegdheid en terugkeer tot diens in ‘n (die) gemeente.

Vraag 1(e) Wat is die doelstelling van hierdie studie?

**Sleutelstelling 1(e)**

Die doel van hierdie studie is om die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die kerklike tughandeling te beskryf met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande.

Vraag 1(f) Wat is die sentrale vraag wat in die studie gestel word?

**Sleutelstelling 1(f)**

Hoe kan die pastorale taak van die N.G. Kerk beskryf word ten opsigte van die begeleiding van predikante wat die kerklike tughandeling ondergaan met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbelewing van skuld en skande?

Vraag 1(g) Hoe word hierdie studie afgebaken?

**Sleutelstelling 1(g)**

Dit is 'n Prakties-Teologiese studie wat die tughandeling teen predikante bestudeer en staan op die twee gelyke navorsingsbene van die teoretiese en die empiriese.

Vraag 1(h) Watter navorsingsmetodologie word gevolg en wat is die motivering vir die keuse?

**Sleutelstelling 1(h)**

Skrywer vind aansluiting by die navorsingsmetode in die Praktiese Teologie van Heitink (1993:174-230), Pieterse (1993:169-190) en De Wet (2009:227-250). Hierdie metode onderneem om in drie dimensies of fases die volgende te bereik.

- Die ondersoek formuleer 'n teologiese teorie vanuit die bestaande literatuur of spesifieke behoefte.
- Tweedens volg die empiriese ondersoek.
- Derdens word daar vanuit die hermeneutiese interaksie tussen die teologiese teorie en die empiriese ondersoek, 'n strategiese voorstel of aangepasde model vir 'n verbeterde praktyk ontwikkel.

Vraag 1(i) Hoe verloop die navorsingsproses?

| **Sleutelstelling 1(i)** |
|---|

Die navorsingsproses verloop as volg.

- Die navorsingsbehoefte en -ontwerp word ondersoek en beskryf.
- ‘n Teorie van emosies word ondersoek en beskryf.
- Tugpastoraat word ondersoek en beskryf.
- Die empiriese been van die navorsing word deur kwalitatiewe navorsing afgehandel en beskryf.
- Die hermeneutiese interaksie tussen teorie en empiriese navorsing ondersoek en beskryf word.
- ‘n Verbeterde praktykmodel word ontwikkel.